Hoe Die Engel Na My Gekom Het En Sy Opdrag

En die broeders sal seker . . .

Ek sien heelwat bandmasjiene hieronder, en hulle sal dit natuurlik optel. Enige tyd wat julle wil weet presies wat die Heilige Gees vir jou gesê het, sien die broeders hier wat hierdie bandmasjiene het, en hulle sal dit heeltemal deurspeel, dan kan jy jou saak presies kry. En let op en sien of dit nie presies gebeur op die manier wat Dit gesê het nie, julle sien. Wanneer jy dit boor uitblaas, "SO SPREEK DIE HERE, ''n sekere ding, of *dit* is *hierdie* manier,'" of gaan dit net na en sien of dit reg is of nie. Sien? Dis altyd daardie manier.

Nou, vir net 'n klein bietjie agtergrond . . . En ek is net soort van gelukkig vanaand dat daar net 'n paar van ons hier is. Ons is almal van hier af, is ons nie? Ons is nie een vreemdelinge nie. Ons hoef nie . . . Ek kan net my Kentucky grammatika gebruik en heeltemal tuis voel nou, want ons—ons is net . . . En ek pak dit nou nie op Kentucky nie, as daar enigiemand van Kentucky is nie. Is daar enigiemand van Kentucky? Lig op jou hand. Kyk net! Ek behoort heeltemal tuis te voel, behoort ek nie? Dis baie goed so.

My moeder het eens 'n losieshuis gehad. En ek het eendag soontoe afgegaan om uit te vind . . . En 'n groot groep mans het daar loseer, en die groot, lang tafel was gedek gewees. En ek het gesê, "Hoeveel hier is van Kentucky, staan op." Almal het opgestaan. En ek het daardie aand kerk toe gegaan, my kerk, en ek het gesê, "Hoeveel hier van Kentucky?" Almal het opgestaan. So ek sou sê, "Wel, dis baie goed." Die sendelinge het 'n goeie werk gedoen, so—so dankbaar daarvoor.

Nou, in die Boek van Romeine, die llde hoofstuk en die 28ste vers. Luister nou aandagtig na die lees van die Skrif.

> *Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande terwille van julle; maar wat die uitverkiesing betref, bemindes terwille van die vaders.*
>
> *Want die genadegawes en die roeping van God is sonder bekering.* [Engelse Bybel: "without repentance" (sonder bekering); Afrikaanse Bybel: onberoulik—Vertaler]

Sal ons bid. Here, help ons nou vanaand soos ons hierdie met eerbied nader, met ons hele hart, en opregtheid, alleenlik vir U heerlikheid word hierdie dinge gesê. En help my, Here,

en plaas net in my gedagtes net die dinge wat moet gesê word en hoeveel om te sê. Stop my wanneer dit U tyd is. Ek vra dat elke hart hierdie dinge sal ontvang tot voordeel van die siekes en behoeftiges in hierdie gehoor. Want ek vra dit in Jesus Christus se Naam. Amen.

Nou, ek wil hierdie onderwerp nader terwyl ons klein is. En—en ek sal probeer om julle nie te lank te hou nie. Ek sal my horlosie hier neerlê en nou my bes probeer om julle in goeie tyd te laat uitgaan sodat julle weer môre-aand kan terug wees. Nou, wees in gebed. Ek glo nie die seun het eers gebedskaarte uitgegee nie. Ek het hom nooit gevra of hy . . . En as hulle nie het nie of as hulle het of nie, dit maak nie saak nie. Ons het in elk geval kaarte hierin as ons 'n paar moet roep. So, indien nie, sal ons net sien wat die Heilige Gees sê.

Nou, as julle nou mooi luister, hierdie mag . . . terwyl dit is dat ek . . . Dis net 'n paar van ons hier, dis 'n goeie tyd om dit te sê, want dit—dit deel met my eie persoonlike wese. En dis die rede waarom ek hierdie Skrif vanaand gelees het, dat julle mag sien dat gawes en roepings nie enigiets is wat voordelig is vir enigeen nie.

Paulus praat hier, gesê, "Die Jode, in die Lig van die Evangelie, was verblind en weg van God, sodat, vir ons ontwil." Maar die vers net voor dit, het gesê, "Die hele Israel sal gered word." Die hele Israel sal gered word. Volgens die uitverkiesing, het God die Vader hulle liefgehad en verblind sodat ons Heidene 'n plek mag hê, nou, van bekering, dat, deur Abraham, sy Saad die hele wêreld kan seën volgens Sy Woord. Sien hoe die soewereinheid van God is? Sy Woord móét net wees. Hy kan net niks anders wees nie. En nou ons, deur . . . God het ons uitverkies; Hy het die Jood uitverkies; en Hy . . .

Al hierdie dinge is God se voorkennis. Toe Hy van hulle wat sal wees gepraat het, het Hy dit vooruit geweet. Nou, God, ten einde God te wees, moes Hy in die begin die einde geweet het of Hy was nie die oneindige God nie. God is nie gewillig dat iemand moet vergaan nie. Verseker nie! Hy wil nie dat enigiemand moet vergaan nie. Maar in die begin van die begin van dae, die—die wêreld, het God net presies geweet wie sal gered word en wie nie gered sal word nie. Hy wou nie gehad het dat die mense verlore moes wees nie, "Dis nie Sy wil dat enigiemand verlore moet wees nie, maar dis Sy wil om almal te red," maar Hy het van die begin of geweet wie sou en wie sou nie. Dis die rede waarom Hy vooruit kon sê, "*Hierdie* ding sal gebeur. *Daardie* ding sal gebeur," of, "*Hierdie* sal *daardie* wees. *Hierdie* persoon sal *daardie* manier wees." Sien?

Hy kon dit vooruit weet want Hy's oneindig. As julle wil weet wat dit beteken, dis net, "daar's niks wat Hy nie weet nie." Sien, Hy weet. Wel, daar's niks vanaf voor tyd nie, en daarna is daar nie

meer tyd nie, sien, Hy weet steeds alles. Alles is in Sy gedagtes. En dan soos Paulus in Romeine gesê het, die 8ste en 9de hoofstuk, "Waarom dan vind Hy nog fout?" So ons sien dat, maar God . . .

Soos om die Evangelie te preek. Iemand het gesê, "Broer Branham, glo u Dit?"

Ek het gesê, "Kyk."

Gesê, "U moet Calvinisties wees."

Ek het gesê, "Ek is Calvinisties solank as Calvinisme in die Bybel is."

Nou, daar's 'n tak aan die Boom, dis Calvanisme, maar daar's ook nog takke aan die Boom. 'n Boom het meer as een tak. Hy wil dit net daaraan in Ewige Sekuriteit laat uitloop, en na 'n ruk gaan jy af in Universisme en jy val daar buite êrens af, daar's geen einde daaraan nie. Maar wanneer jy met Calvinisme deurkom, terug op en begin met Arminiasisme. Sien, daar's 'n ander tak aan die Boom, en nog 'n tak aan die Boom, gaan net voort. Die hele ding saam maak die Boom. So ek glo in—in die . . . in Calvinisme so lank as wat dit in die Skrif bly.

En ek glo dat God voor die grondlegging van die wêreld geweet het, Sy Kerk in Christus gekies het, en Christus geslag het voor die grondlegging van die wêreld. Die Skrif het so gesê, "Hy was die Lam van God geslag voor die grondlegging van die wêreld." Sien? En Jesus het gesê dat Hy ons geken het voor die grondlegging van die wêreld, Paulus het gesê dat, "Hy—Hy het ons geken en ons voorbestem tot die aanneming van die kinders deur Jesus Christus voordat die wêreld ooit gevorm was. Dis God. Dis ons Vader. Sien?

So moenie bekommerd nie, die wiele draai net reg, alles kom net in tyd. Die enigste ding, is, kom in die draai. En dis die—dis die goeie deel daarvan, dan weet jy hoe om te werk wanneer jy in die draai kom.

Nou, let nou op, "Die gawes en roeping sonder belydenis," dis die enigste manier wat ek Skriftuurlik my roeping in die Here kon—kon plaas. En vertrouend dat ek met vriende is vanaand wat dit sekerlik sal verstaan en nie dink dis persoonlik nie, maar dat julle mag verstaan en weet net wat is die—wat die Here gesê het wat Hy sou doen, en iets sal vind wat beweeg en dan daarin volg.

Nou, in die begin, die eerste ding wat ek ooit kan onthou is 'n visioen. Die eerste ding wat ek in my gedagtes kan terugroep is 'n visioen wat die Here my gegee het. En dit was baie, baie jare gelede, ek was 'n klein klein seuntjie. En ek het 'n klip in my hand gehad.

Nou, verskoon my, ek kan onthou toe ek 'n lang rok gedra het. Ek weet nie of julle (enigeen van julle) oud genoeg om te onthou toe klein seuntjies lang rokke gedra het nie. Hoeveel hierbinne onthou toe klein kindertjies, ja, lang rokke gedra het? Wel, ek

kan onthou, in my klein ou hutjie daar waar ons gebly het, ek het op die vloer gekruip. En dit was iemand, ek weet nie wie dit was nie, het ingekom. En mamma het 'n klein—klein blou lintjie in my rok gewerk. En ek kon skaars geloop het. En ek het toe gekruip, en ek het my vinger in die sneeu op hulle voete gesteek, en het die sneeu van sy voete geëet waar hy by die kant van die vuurherd gestaan het om warm te word. Ek onthou my ma het my opgeraap daaroor.

En die volgende ding wat ek toe onthou, moes omtrent twee jaar later gewees het, het ek 'n klein klippie gehad. En dit moet my omtrent drie jaar oud maak, en my klein broertjie moes toe omtrent nie eers twee jaar oud gewees het nie. En so was ons buite agter in die erf waar daar net 'n ou houtsaagsel deel was waarheen hulle die hout gebring het en die hout gekap het. Hoeveel onthou daardie dae toe julle die hout in die agtererf getrek het en dit gekap het? Waarom het ek selfs 'n das gedra vanaand? Ek—ek is heeltemal tuis.

Dan wanneer hulle . . . Daarbuite in die ou houtwerf was daar 'n klein spruitjie wat daar afgeloop het, van die fontein afgekom. Het 'n ou kalbas daarbo by die fontein gehad waar ons ons water geskep het en dit in die ou emmer gegooi het, ou seder emmer, en dit afgebring het.

Ek onthou die laaste keer dat ek my klein, ou ouma gesien het voor sy gesterf het, sy was eenhonderd en tien jaar oud. En toe sy gesterf het, het ek haar in my arms opgetel en haar *so* gehou net voordat sy gesterf het. Sy het haar arms om my gesit, en gesê, "God seën jou siel, liefling, nou en vir altyd," toe sy gesterf het.

En ek glo nie die vrou het ooit 'n—'n paar skoene van haar eie in haar levee besit nie. En ek onthou ek het haar dopgehou, en selfs toe ek 'n jong man was afgegaan en hulle gesien, elke oggend het sy opgestaan, kaalvoet, en deur daardie sneeu tot by die fontein gegaan, 'n emmer water gekry en teruggekom, haar voete reg daarin. So dit maak jou niks nie, sy het gelewe tot 'n honderd en tien. So (ja, meneer) sy was baie, baie gehard, ook.

So toe onthou ek sy sou my vertel van my pa se albasters waarmee hy gespeel het toe hy 'n seun was. "En daardie arme ou ding," het ek gedink, "hoe gaan sy in daardie solder kom?" 'n Klein, ou twee kamer gehuggie, en dit het 'n solder daarbo gehad. En hulle het twee jong boompies gekap, en 'n leer gemaak, om op te gaan. Wel, ek sou dink . . .

Wel, nou, het sy gesê, "Nou net na aandete gaan ek jou vertel, jou—jou pappa se albasters wys."

En ek het gesê, "Nou goed."

So sy sou hulle vir my wys, in 'n koffer bo waar sy haar goed weggesit het soos die oumense doen. En ek het gedink, "Hoe op aarde gaan daardie arme ou ding by daardie leer opkom?" So ek

het daar omgekom en ek het gesê, "Ouma," het ek gesê, "wag nou, ouma, ek sal hier opklim en u ophelp."

Sy het gesê, "Staan eenkant." Daardie leer opgeklim soos 'n eekhorinkie. Sy het gesê, "Wel, kom nou!"

En ek het gesê, "Nou goed, Ouma."

Ek het gedink, "O, my, as ek net só kan wees, soveel krag in my op 'n honderd en tien jaar oud!"

Nou, dan onthou ek van hoe ek by daardie ou fonteintjie was, en ek het 'n klip gehad en dit afgegooi soos *die,* in die modder, om my klein broertjie te probeer wys hoe sterk ek was. En daar het 'n voël bo in die boom gesit en hy het net gesing en gespring, 'n klein ou rooiborsie of iets. En, die klein rooiborsie, ek het gedink hy het met my gepraat. En ek het omgedraai en geluister, en die voël het weggevlieg, en 'n Stem het gesê, "Jy gaan 'n groot gedeelte van jou lewe deurbring naby 'n stad wat New Albany genoem word."

Dis drie myl van waar ek grootgeword het. Gegaan, omtrent 'n jaar later, na die plek toe, geen idee gehad van ooit gaan nie . . . New Albany. Deur die lewe, hoe daardie dinge . . .

Nou, kyk, my mense was nie godsdienstig nie. My vader en moeder het nie kerk toe gegaan nie. Voor dit, was hulle Katoliek.

My klein broerskind wat êrens hierbinne sit, dink ek, weet ek nie. Hy's 'n soldaat. Ek bid vir hom. Hy's Katoliek homself, steeds Katoliek. In hierdie laaste diens toe hy hier was, het hy daardie dinge van God gesien, toe hy reg hier by die platvorm gestaan het. Hy het gesê, terwyl hy hier gestaan het, en hy het gesê, "Oom Bill?" Hy was oorsee vir 'n lang tyd, gesê, "Toe ek dit gesien het . . ." Gesê, "Dit—dit gebeur nie in die Katolieke kerk nie." Hy het gesê, "Dit . . . ek—ek glo, Oom Bill, u is reg," het hy gesê.

En toe het ek gesê, "Liewe kind, dis nie *ek* reg nie, dis Hy wat reg is. Sien, *Hy* wat reg is." En hy sê toe hy . . . Ek het gesê, "Nou, ek vra jou nie om iets te doen nie, Melvin, maar dien net die Here Jesus Christus met jou hele hart. Gaan dan enige plek waar jy wil. Maar wees seker in jou hart dat Jesus Christus opnuut gebore is, sien, in jou hart. Gaan jy dan na enige kerk toe waar jy wil daarna."

Nou, maar die mense voor my was Katoliek. My vader is Iers en my moeder was Iers. Die enigste breuk daar is in die Ierse bloed, my ouma was 'n Cherokee Indiaan. My moeder is net omtrent 'n halfras. En so het ek . . . vir my, dis my . . . ons geslag, na drie het dit uitgesterf. Maar dis die enigste breuk daarin om streng Iers te wees, Harvey en Branham was die naam. En dan voor dit was Lyons, wat steeds Iers is. En dan was hulle almal Katoliek. Maar myself, ons het geen godsdienstige opleiding of lering hoegenaamd gehad nie, as kinders.

Maar daardie gawes, daardie visioene, ek het visioene toe gesien net dieselfde as ek nou sien, dis reg, want gawes en roepings is sonder belydenis. Dis die voorkennis van God, God wat iets doen. Regdeur die lewe was ek bang om einigiets daarvan te sê.

Julle het my verhaal gelees in die klein boekie genoem *Jesus Christus Dieselfde Gister, Vandag, en vir Altyd*. Ek dink dis in sommige van die boeke, hierdie ander. Is dit so, Gene? Is dit in hierdie, die gewone—die gewone boek, in die—in die boek wat ons nou het? Is dit *Lewensverhaal?* Ek dink dit is. Toe het ons—ons het . . . Is dit nie vreeslik nie? My eie boeke, en ek lees hulle nooit myself nie. Maar iemand anders skryf hulle, so dan is daar net iets wat hulle in die diens neem. Ek het deur dit gegaan, so ek kyk altyd vir iets anders om te gebeur. So, dan, hulle is goed, ek het gedeeltes van hulle gelees, hier en daar, net sons ek 'n kans kry.

En nou, in elk geval, as 'n—'n klein seuntjie, julle ken die visioen hoe dit met my gepraat het. Ek was omtrent sewe jaar oud, Hy het gesê, "Moenie drink of rook of jou liggaam op enige manier besoedel nie, daar sal 'n werk wees vir jou om te doen wanneer jy ouer word." En julle het dit gehoor vertel word in die boek. Wel, dis reg. Dit het al die tyd aangehou gebeur.

Toe ek 'n prediker geword het, wel, toe het dit—toe het dit regtig al die tyd begin gebeur.

En ek het ons Here Jesus een aand gesien. Ek sê dit met permissie, glo ek, van die Heilige Gees. Die Engel van die Here wat kom is nie die Here Jesus nie. Dit lyk nie sons Hy in dieselfde visioen nie. Want, die visioen wat ek van die Here Jesus gesien het, Hy was 'n klein Man. Hy was nie . . . Ek was buite in die veld, besig om te bid vir my pa. En ek het teruggekom binne toe en ek het na die bed toe gegaan, en daardie aand het ek na hom gekyk en ek—ek het gesê, "O, God, red hom!"

My moeder was alreeds gered en ek het haar gedoop. Toe het ek gedink, "O!" My pa het so gedrink, en ek het gedink, "As ek hom net kon kry om die Here Jesus aan te neem!" Ek het uitgegaan, gaan lê op 'n klein ou strooibed in die voorste kamer, naby die deur.

En Iets het vir my gesê, "Staan op." En ek het opgestaan, begin loop, en teruggegaan in die veld agter my, 'n ou besem grasveld.

En daar, nie meer as tien voet van my af nie, het 'n Man gestaan; wit kledingstuk aan, 'n klein persoon; het Sy arms gevou gehad soos *die;* 'n baard, soort van kort; hare af tot op Sy skouers; en Hy het sywaarts van my gekyk, soos *die;* vredevolle gestalte. Maar ek kon dit nie verstaan nie, hoe Sy voete, een net agter die ander. En die wind het gewaai, Sy kleed bewegend, gras waaiende.

Ek het gedink, "Nou, wag 'n minuut," ek het myself gebyt. Ek het gesê, "Nou, ek slaap nie." En ek het afgetrek, 'n klein stukkie van daardie gras afgetrek, julle weet, het dit sons 'n tandestokkie daarin gekry. Ek het dit in my mond gesit. Ek het teruggekyk in die rigting van die huis. Ek het gesê, "Nee, ek was besig daarin om vir pa te bid, en Iets het gesê kom hier buite, en hier staan hierdie Man."

Ek het gedink, "Dit lyk soos die Here Jesus." Ek het gedink, "Ek wonder of dit is?" Hy het net presies gekyk, direk na waar ons huis nou is. So ek het hierdie kant toe om beweeg om te sien of ek Hom kon sien. En ek kon die kant van Sy gesig sien, soos *die*. Maar Hy . . . ek moes reg *hierdie* kant toe omdraai om Hom te sien. En ek het gesê, "Uhm!" Hom nooit beweeg nie. En ek het gedink, "Ek dink ek sal Hom roep." En ek het gesê, "Jesus." En toe Hy dit doen, het Hy omgekyk soos *die*. Dit was al wat ek onthou, Hy het net Sy arms uitgesteek.

Daar's nie 'n kunstenaar in die wêreld wat Sy beeld kan skilder nie, die karakter van Sy gesig. Die beste wat ek ooit gesien het is die van Hofman se *Hoof van Christus op Drie-en-dertig,* ek het dit oral op literatuur en alles wat ek gebruik. Dis omdat dit net so daarna lyk, en so dan . . . of baie naby, so na as wat dit kon wees.

Hy het gelyk asof ('n Man) as Hy kon praat, dat die wêreld tot 'n einde sou kom, en tog met soveel liefde en goedhartigheid totdat jy—jy . . . ek het net omgeval. En teen daglig, ek ek myself gevind net teen dagbreek, naghemp sopnat van trane, toe ek by myself kom, terwyl ek loop, terug deur die besemgrasveld, huis toe.

Ek het dit vir 'n predikant vertel, vriend van my. Hy het gesê, "Billy, Dit sal jou mal maak." Hy het gesê, "Dis die Duiwel." Hy het gesê, "Jy moenie met enigiets soos daardie lol nie." Ek was daardie tyd 'n Baptiste predikant.

Wel, ek het oorgegaan na 'n ander ou vriend van my. Ek het gaan sit en hom Daarvan vertel. "Nou," Ek het gesê, "Broer, wat dink jy Daaromtrent?"

Hy het gesê, "Wel, Billy, ek sal jou sê." Hy het gesê, "Ek dink as jy wil probeer om jou lewe te bewaar, preek dan net wat hier in die Bybel is, die genade van God en so aan, ek sou nie agter 'n fantastiese ding aangaan nie, so-iets soos daardie nie."

Ek het gesê, "Meneer, ek bedoel nie om agter 'n fantastiese ding aan te gaan nie." Ek het gesê, "Enigste ding wat ek probeer uitvind is wat hierdie is."

Hy het gesê, "Billy, jare gelede het hulle dinge soos daardie in die kerke gehad. Maar," gesê, "toe die apostels opgehou het, het daardie dinge saam met hulle opgehou." En gesê, "Nou is die enigste ding wat ons het wat . . . enige soort van sien van daardie dinge," gesê, "dis spiritualiste, duiwels."

Ek het gesê, "O Broer McKinney, bedoel jy dit?" Hy het gesê, "Ja, meneer."

Ek het gesê, "O God, wees my genadig!"

Ek het gesê, "Ek—ek . . . O, Broer McKinney, sal jy—sal jy saam met my in die gebed verenig dat God dit nooit met my sal laat gebeur nie? Jy weet ek het Hom lief en ek—ek wil nie verkeerd wees in hierdie dinge nie." Ek het gesê, "Bid saam met my."

Hy het gesê, "Ek sal, Broer Billy." En so het ons gebed gehad reg daar in die—in die pastorie.

Ek het verskeie predikante gevra. Dieselfde ding het gekom. Toe het ek bang geword om hulle to vra, want hulle het begin dink ek was 'n duiwel. So ek—ek wou nie soos dit wees nie. Ek het in my hart geweet iets het gebeur. Nou, dis al, daar was—daar was iets in my hart wat gebeur het. En ek wou nie soos dit wees nie, nooit nie.

So in later jare, het ek een dag gehoor dat daar onder by die Eerste Baptiste kerk waarvan ek 'n lid die tyd was, het ek iemand hoor sê, "Sê, jy moes oorgegaan het soontoe en die 'holy rollers' verlede nag gehoor het."

En ek het gedink, "Holy rollers?" En 'n vriend van my, Walt Johnson, bassanger, en ek het gesê, "Wat was dit, Broer Walt?"

Hy het gesê, "'n Spul van hierdie Pinkstermense." Ek het gesê, "Wat?"

Hy het gesê, "Pinkstermense!" Gesê, "Billy, as jy dit ooit kon sien," gesê, "hulle het op die vloer gerol soos hierdie en op en of gespring." En gesê, "Hulle het gesê dat hulle moes babbel in 'n soort van 'n onbekende taal of hulle—hulle was nie gered nie."

En ek het gesê, "Waar gebeur hierdie dinge?"

"O," gesê, "'n klein ou tent samekoms daarbuite, anderkant Louisville." Gesê, "Nie-blanke mense, natuurlik."

En ek het gesê, "Uh-huh."

En hy het gesê, "Daar's 'n klomp witmense daar." En ek het gesê, "Het hulle dit ook gedoen?" Gesê, "Ja, ja! Hulle het dit ook gedoen."

En ek het gesê, "Dis snaaks, en mense raak betrokke in dinge soos daardie." Ek het gesê, "Wel, ek dink ons moet seker maar daardie dinge hê." Op 'n Sondag oggend, ek sal dit nooit vergeet nie. Hy het 'n stukkie droë lemoenskil geëet vir slegte spysvertering wat hy gehad het, en ek kan dit net so duidelik sien asof dit gister was. En ek het gedink, "Gebabbel, op en af spring, watter soort van godsdienste sal hulle volgende kry?" En so het ek—het ek aangegaan.

Later daarna, het ek 'n ou man ontmoet wat miskien nou hier in die kerk is, of hy was hier in die kerk, met die naam van John

Ryan. En ek het hom op 'n plek ontmoet . . . Die ou man met die lang baard en hare, en hy mag hier wees. Ek het gedink hy was van Benton Harbor hierbo, by die Huis van Dawid.

En hulle het 'n plek in Louisville gehad. Ek het probeer om daardie mense te vind, en hulle het dit die Skool van die Profete genoem. So ek het gedink ek sou oorgaan en sien wat dit was. Wel, ek het niemand op die vloer sien rol nie, maar hulle het 'n paar snaakse leerstellings gehad. En dis daar waar ek hierdie ou man ontmoet het, hy het my genooi om op te gaan na sy plek toe.

Ek het opgegaan vir 'n vakansie. En ek was daar een dag, en ek het teruggegaan na sy huis toe en hy het weggegaan, en hy het êrens onder na Indianapolis toe gegaan. Gesê, "Die Here het hom geroep," sy vrou.

Ek het gesê, "jy bedoel jy laat daardie man sommer so weggaan?"

Sy het gesê, "O, hy's God se dienskneg!" Die arme ou ding het 'n paar weke gelede gesterf, het ek gehoor. En sy was getrou aan hom. My, dis die soort van vrou om te hê! Dis reg. Reg of verkeerd, hy's nogtans reg! Ek het gesê . . . Wel, ek weet hulle . . .

Nou hy . . . Broer Ryan, is jy hier? Hy is nie hier nie. Hy was nou die dag, was hy nie, manne?

Wel, hulle leef net van wat hulle in die hande kan kry, en hy het niks in die huis gehad om te eet nie. Dis reg. En ek het 'n paar visse buite in 'n dam gevang, of 'n meer, in Michigan, en ek het teruggekom—en ek het teruggekom na die plek toe. En hulle het nie eens smeer in die huis gehad nie, of vet, om die vis mee gaar te maak nie. En ek het gesê, "Hy het jou sonder enigiets in die huis gelos?"

Gesê, "O, maar hy's God se dienskneg, Broer Bill!" Gesê, "Hy . . . "

En ek het gedink, "Wel, geseënd is jou hart. Broer, ek sal reg by jou staan." Dis reg. "As jy soveel van jou man dink, is ek gereed om saam te staan en by jou te staan daarvoor." Dis reg. Ons het meer vroue sons dit vandag nodig, en meer manne wat so van hulle vroue dink. Dis reg. Dit sal 'n beter Amerika wees as mans en vroue saam sal staan sons daardie. Reg of verkeerd, staan by hulle. Sal nie so baie egskeidings wees nie.

So ons—ons het gegaan . . . Toe het ek verder gegaan. En op my pad huis toe, dit was 'n eienaardige ding, ek het af deur Mishiwaka gekom. En toe het ek klein—klein ou karre gesien, op die straat, genoem . . . groot tekens op hulle wat gesê het, "Jesus Only." [Jesus Alleen—Vertaler] Ek het gedink, "Wat het . . . 'Jesus Only,' dit moet godsdienstig wees." En ek het hierheen gegaan en hier was fietse wat op hulle gehad het, "Jesus Only." Cadillacs, Model-T Fords, alles, 'Jesus Only' daarop. Ek het gewonder, "Wel, wonder wat dit is?"

So ek het dit oral gevolg, het uitgevind, dit was 'n godsdienstige byeenkoms, vyftien honderd tot twee duisend mense daar. En ek het al daardie geskree en op en af spring daar gehoor, en die rumoer. Ek het gedink, "Sê, hier's waar ek sal sien wat 'holy rollers' is."

So ek het my ou Ford gehad, julle weet, wat ek gesê het sal dertig myl 'n uur kan doen, vyftien *hierdie* kant toe en vyftien op en af *hierdie* kant toe. So ek het dit een kant toe getrek, ek . . . toe ek 'n plek kry om te parkeer, en teruggeloop met die straat af. Ingestap, rondgekyk, en almal het gestaan wat kon staan. Ek moes oor hulle koppe kyk. En hulle het geskree, en geval, en aangegaan. Ek het gedink, "Wel, uhm, watse mense is dit!"

Maar hoe langer ek daar gestaan het, hoe beter voel ek. "Dit lyk regtig goed. Wel daar is niks verkeerd met daardie mense nie. Hulle is nie mal nie." Ek het met 'n paar van hulle begin praat, so hulle—hulle was gawe mense. So ek het gesê . . .

Wel, nou, dis dieselfde diens waar ek uitgegaan en die hele nag gebly het daardie nag, en die volgende dag het ek ingegaan. En julle het my dit gehoor vertel in my lewensverhaal. Ek was op die platvorm met 'n honderd en vyftig, of twee honderd predikers, en miskien meer, en hulle wou hê dat almal net moes opstaan en se waar hy vandaan was. En ek het gesê, "Evangelis William Branham, Jeffersonville," gaan sit, "Baptis," so, en gaan sit. Elkeen het gesê waar hulle vandaan was.

So daardie volgende oggend toe ek daar ingekom het . . . ek het die hele nag daardie nag in die veld geslaap, en my broek tussen die twee Ford sitplekke platgestryk, julle weet, en ek—ek . . . ou sirsakar ["seersucker" 'n goedkoop katoenbroek met dun wit en blou strepe—Vertaler] broek, klein T-hempie, julle weet. So ek het die volgende oggend na die diens toe gegaan, my klein T-hempie aan. Ek het gegaan . . .

Ek het niks behalwe drie dollars gehad nie, en ek moes genoeg brandstof kry om huis toe mee te gaan. En toe het ek—ek het vir my 'n paar rolletjies gekry, daardie soort van oues, julle weet, maar ek was heel goed. En ek het by 'n waterkraan gekom, vir myself 'n glas water gekry, julle weet, en heeltemal goed gedoen. So ek het hulle 'n bietjie geweek, en het ontbyt gehad.

Nou, ek kon saam met hulle eet, nou, hulle eet twee maal 'n dag. Maar ek kon niks in die offerande sit nie, so ek wou nie—wou nie op hulle teer nie.

So toe ek—ek het daardie oggend daar ingekom en gesê . . . ek hoef net hierdie deel daarvan to vertel. En so het ek daardie oggend daar ingekom, en hy het gesê, "Ons soek vir William Branham, 'n jong evangelis wat gisteraand op die platvorm was, 'n Baptis." Gesê, "Ons wil hê dat hy die boodskap vanmore moet bring." Ek het gesien dat dit my hard gaan trek, daardie klomp mense, ek 'n Baptis. So ek het net soort van afgesak in my sitplek.

Ek het 'n sirsakar broek an 'n T-hemp aangehad; en, o, ons het klerklik aangetrek, so . . . En ek het teruggesit in die sitplek soos *die*. So hy het twee of drie keer gevra. En ek het by 'n nie-blanke broer gesit.

En die rede dat hulle hulle konvensie in die Noorde gehad het, omdat die segregasie toe in die Suide aan die gang was. So hulle kon dit nie in die Suide hê nie.

So ek het gewonder waaroor hierdie "Jesus Only" was. En ek het gedink, "So lank as wat dit Jesus is, is dit goed. So dit maak geen verskil wat dit is . . . hoe dit is nie, net so lank dit Hy is."

So ek het 'n klein rukkie daar gesit en hulle dopgehou, en hulle het toe nog twee of drie keer geroep. En hierdie nie-blanke broer het oorgekyk na my, hy het gesê, "Ken jy hom?" Ek—ek—ek . . . Die beslissing was daar. Ek kon nie vir die man jok nie, ek wou nie.

Ek het gesê, "Kyk, broer. Ja, ek ken hom." Hy het gesê, "Wel, gaan haal hom."

Ek het gesê, "Wel, ek—ek sal jou sê, broer," ek het gesê, "Ek is hy. Maar jy sien," ek het gesê, "Kyk, ek . . . hierdie sirsakar broek."

"Gaan op boontoe."

En ek het gesê, "Nee, ek kan nie soontoe gaan nie," ek het gesê, "met hierdie broek aan." Hierdie klein T-hempie.

"Daardie mense gee nie om hoe jy aantrek nie."

En ek het gesê, "Wel, kyk, moet dit nie noem nie. Hoor?" Ek het gesê, "Sien, ek het hierdie sirsakar broek aan, ek wil nie opgaan soontoe nie."

Gesê, "Enigiemand weet waar William Branham hom bevind?"

Hy het gesê, "Hier is hy! Hier is hy!"

O, my! My gesig bloedrooi, julle weet; en geen das aan nie, julle weet; en hierdie ou klein T-hempie, julle weet, en klein moue aan soos hierdie. En ek het opgeloop daardeur, met ore brandende. Ek was nog nooit voor 'n mikrofoon nie.

En so ek ek begin preek daarbo, en ek het 'n teks geneem, ek sal dit nooit vergeet nie, *"Die ryk man het sy oë opgelig in die hel, en toe het hy gehuil."* Ek, baie maal, preek klein dingetjies soos daardie, *"Kom sien 'n man." "Glo u dit?"* of *"Toe het hy gehuil."* En ek het aangehou sê, "Daar's geen blomme, en toe het hy gehuil. Daar's geen bidure nie, toe het hy gehuil. Daar's geen kinders, toe het hy gehuil. Geen liedere nie, en toe het hy gehuil." Toe het ek gehuil.

So dit was oral oor, wel, my, hulle het net . . . almal van hulle rondom my, wou hê ek moet 'n diens vir hulle kom hou. En ek

het gedink, "Sê, miskien is ek 'n 'holy roller'!" Sien? So ek het gedink, "Miskien . . . " Sien, hulle was sulke gawe mense.

En ek het daar uitgeloop. 'n Man met 'n paar "cowboy" stewels aan, en groot "cowboy" hoed, ek het gesê, "Wie is u?"

Hy het gesê, "Ek is Ouderling *So-en-so* van Texas." Ek het gedink, "Wel, dit het gelyk . . . "

'n Ander persoon het opgeloop gekom met hierdie klein kniebroek broeke aan, julle weet, waarmee hulle altyd gholf gespeel het, en een van daardie klein klein oortrek truie. Hy het gesê, "Ek is Predikant *So-en-so* van Florida. Sal jy kom en hou . . . "

Ek het gedink, "Ek's heeltemal tuis, mens, in hierdie sirsakar broek en T-hemp. Dis net sommer goed."

So, julle het my lewensverhaal gehoor oor hierdie dinge, so ek sal hier stop en julle iets vertel wat ek nog nooit voorheen vertel het nie. Eerste ding, wil ek julle vra . . . Ek was van plan om dit verby te laat gaan. Ek het dit nog nooit vantevore in die publiek gesê, in my lewe nie. As julle my belowe dat julle my sal liefhê en sal probeer om my nog so lief te hê nadat ek dit gesê het as wat ek het voordat ek dit sê, steek julle hande op. Nou goed. Dis julle belofte, ek gaan julle daarby hou.

Terwyl ek daardie aand in die diens gesit het, terwyl hulle hulle liedere gesing het, het hulle hulle hande geklap. En hulle het gesing, "Ek . . . " Daardie liedjie, *"Ek weet dit was die Bloed, ek weet dit was die Bloed."* En hulle het op en of langs die paadjies afgehardloop, en alles, en net geskree en die Here geprys. Ek het gedink, "Dit klink baie goed vir my." Ek het begin . . .

En hulle het die hele tyd verwys na Handelinge, Handelinge 2:4, Handelinge 2:38, Handelinge 10:49, al daardie. Ek het gedink, "Sê, dis Skrif! Ek het Dit net nooit vantevore so gesien nie." Maar o, my hart was brandendende, gedink "Dit is wonderlik!" Ek het gedink hulle was 'n klomp heiliges toe ek hulle die eerste keer ontmoet het, en ek het gedink, "O, my!" Nou is hulle 'n klomp "engele." Sien, ek baie vinning van gedagte verander.

So die volgende oggend toe die Here my hierdie groot geleentheid gegee het om hierdie dienste te hou, het ek gedink, "O, my, ek sal saam met hierdie klomp mense kan wees! Dit moes van die soort wees wat hulle altyd 'die skreeuende Metodiste' genoem het. Net 'n bietjie verder gegaan," het ek gedink. "Miskien is dit wat dit is." So ek het gedink, "Wel, ek is . . . Ek hou verseker daarvan. O, daar's iets omtrent hulle waarvan ek hou, hulle is nederig en gaaf."

So een ding wat ek nie kon verstaan nie was daardie praat in tale, dit het my gevang. En ek . . . Daar was een man, sê, wat

hier gesit het en een *hierso,* en hulle was die leiers van die groep. *Hierdie* een sou opstaan en in tale praat, *hierdie* een sou dit uitlê en sou dinge vertel omtrent die diens en so voorts. Ek het gedink, "My, ek moet dit lees!" So dan andersom, val op *hierdie,* en dan terug op *daardie* een; en elkeen sou in tale praat, interpreteer. Die res van die kerk sou praat, maar dit het nie gelyk asof die interpretasie kom soos hierdie twee manne nie. Nou, ek het gesien hulle het na aan mekaar gesit, ek het gedink, "O, my, hulle moet engele wees! So terwyl daar agter gesit het.

Wat dit ookal was, (julle weet) wat ek nie kon uitmaak nie, sou Dit op my kom. En ek het 'n manier om dinge te weet as die Here wil hê dat ek dit moet weet. Sien? En ek doen nie . . . Dis die rede dat ek sê dat ek hierdie nie uiter nie, nooit voorheen in publiek nie. As ek regtig enigiets wil uitvind, vertel die Here my gewoonlik omtrent hierdie dinge. Dis waarvoor die gawe is, julle sien. So jy kan dit nie net uitgooi voor die publiek nie, dit word so asof jy jou pêrels voor die swyne goof. Dis 'n gewyde, heilige ding, en jy wil nie dit doen nie. So, God sal my verantwoordelik hou. Soos te praat met broers en so aan, ek sal nie iets kwaads omtrent 'n broer probeer uitvind nie.

Een tyd terwyl ek aan 'n tafel met 'n man gesit het, hy met sy arm om my, gesê, "O, Broer Branham, ek het jou lief." En ek het aanhoudend iets gevoel beweeg. Ek het na hom gekyk. Hy kon my dit nie vertel het nie; ek het geweet hy het dit nie gedoen nie, sien, want daar was dit. Hy was absoluut 'n huigelaar, as daar ooit een was, sien, en reg daar met sy arm om my.

Ek het gesê, "Wel, goed," weggeloop. Ek wil nie dit weet nie. Ek sal hom eerder net die manier ken waarop ek hom ken, as my broer, en dit so laat gaan. Laat God die res daarvan doen. Sien? En ek wil nie . . . nie weet nie, daardie dinge weet nie.

En baie keer met hierdie dinge, dis nie hier in die kerk nie. Ek sal in die kamer sit, in 'n restaurant sit, en die Heilige Gees sal my dinge vertel wat gaan gebeur. Mense reg hier wat weet dat dit die waarheid is. Ek sal by my huis sit en ek sal sê, "Nou, wees versigtig, daar's 'n motor wat na 'n rukkie sal kom. Dit sal 'n *sekere, sekere* persoon wees. Bring hulle in, want die Here het gesê hulle sal hier wees." "Wanneer ons die straat afgaan, sal daar *sekere* dinge gebeur. Pasop by daardie kruising daar, want jy gaan amper gestamp word." (En, "Net . . . ? . . . my daardie manier," sien.) Elke keer, net perfek! So jy wil jouself nie te veel daarin gooi nie, want jy sal . . . Dit—dis . . . Jy kan dit gebruik, dis die gawe van God, maar jy moet oppas wat jy daarmee doen. God sal jou verantwoordelik hou.

Kyk na Moses. Moses was 'n God-gestuurde man (glo julle dit?), predestineer, voorbestem en 'n profeet gemaak. En God het hom uitgestuur, gesê, "Gaan, praat met die rots," nadat dit

geslaan was. Gesê, "Gaan praat met die rots, en dit sal sy waters voortbring."

Maar Moses het kwaad soontoe gegaan en die rots geslaan. Die water het nie gekom nie, hy het dit weer geslaan, gesê, "Julle rebelle! Moet ons vir julle water uit hierdie rots bring?"

Sien julle wat God gedoen het? Die water het gekom, maar gesê, "Kom op hierheen, Moses." Dit was die einde daarvan, sien. Mens moet daardie dinge dophou, so mens . . . wat jy doen met Goddelike gawes.

Net soos 'n prediker, 'n goeie kragtige prediker, as hy uitgaan en preek net om offerandes en geld op te neem, sal God hom daarvoor verantwoordelik hou. Dis reg. Jy moet dophou wat jy met Goddelike gawes doen. En, of om te probeer 'n groot aansien of groot naam vir 'n kerk, of 'n groot naam vir homself te maak. Ek sal eerder twee of drie aande diens hou en êrens ander aan beweeg, en nederig wees, en laag bly. En julle weet wat ek bedoel. Ja, meneer, hou altyd jou plek waar God Sy hand op jou kan hou.

Hierdie is innerlike Lewe nou, onthou.

So dan hierdie dag, ek het gedink, "Wel, ek gaan op loop." En ek was net so op my hoede oor daardie mense, ek het gedink, "Ek sal uitvind omtrent daardie manne." En buite in die erf het ek bly uitkyk vir hulle nadat die diens oor was. Ek het rondgekyk. Ek het een van hulle gevind, ek het gesê, "Aangename kennis, meneer."

Hy het gesê, "Aangename kennis!" Gesê, "Was u die jong prediker wat vanoggend gepreek het?"

Ek het gesê . . . Ek was toe drie-en-twintig jaar oud. Ek het gesê, "Ja, meneer."

En hy het gesê, "Wat is jou naam?"

Ek het gesê, "Branham." En ek het gesê, "U s'n?"

En hy het my sy naam gesê. En ek het gedink, "Wel, nou, as ek nou net sy kontak met sy gees kan kry." En toe nog nie geweet wat dit was wat dit gedoen het nie. En ek het gesê, "Wel, sê, meneer," ek het gesê, "julle mense het iets hier wat ek nie het nie."

Hy het gesê, "Het u die Heilige Gees ontvang sedert u geglo het?"

Ek het gesê, "Wel, ek is 'n Baptis."

Hy het gesê, "Maar het u die Heilige Gees ontvang sedert u geglo het?"

En ek het gesê, "Wel, broer, wat bedoel u?" Ek het gesê, "Ek—ek het nie wat u het nie, ek weet dit!" Ek het gesê, "Want u het iets wat so kragtig skyn te wees en so . . . "

Gesê, "Het u ooit in tale gepraat?"

En ek het gesê, "Nee, meneer."

Gesê, "Ek sal jou baie gou sê jy het nie die Heilige Gees nie."

En ek het gesê, "Wel, as ek . . . As dit is wat dit neem om die Heilige Gees te hê, dan het ek dit nie."

En so sê hy toe, "Wel as jy nie in tale gepraat het nie, het jy Dit nie."

En die gesprek in daardie lyn gehou, het ek gesê, "Wel, waar kan ek Dit kry?"

Gesê, "Gaan in daardie kamer in en begin die Heilige Gees soek."

En ek het aanhoudend dopgehou, julle weet. Hy het nie geweet wat ek gedoen het nie, maar hy . . . Ek het geweet hy het 'n snaakse gevoel gehad, want hy . . . sy oë het 'n klein bietjie glaserig geword soos hy na my gekyk het. En hy . . . Maar was regtig 'n Christen. Hy was absoluut, een honderd persent uitgedraai, 'n Christen. Dis reg. Wel, ek het gedink, "Prys God, hier is Dit! Ek—ek moet—ek moet by daardie altaar êrens uitkom."

Ek het uitgegaan, oral oor gekyk, ek het gedink, "Ek sal die ander man vind." En toe ek hom kry en met hom begin praat, het ek gesê, "Aangename kennis, meneer."

Hy het gesê, "Sê, aan watter kerk behoort jy?" Hy het gesê, "Hulle sê my jy is 'n Baptis."

Ek het gesê, "Ja."

En hy het gesê, "Jy het nog nie die Heilige Gees nie, het jy?"

Ek het gesê, "Wel, ek weet nie."

Gesê, "Het jy ooit in tale gepraat?"

Ek het gesê, "Nee, meneer."

Gesê, "Jy het Dit nie."

En ek het gesê, "Wel, ek weet ek het nie wat julle almal het nie. Ek weet dit." En ek het gesê, "Maar, my broer, ek wil Dit regtig graag hê."

Hy het gesê, "Wel, daar's—daar's die bad, alles gereed."

Ek het gesê, "Ek is gedoop. Maar," het ek gesê, "Ek—ek het nie ontvang wat julle almal het nie." Ek het gesê, "Julle het iets wat ek—ek regtig graag wil hê."

En hy het gesê, "Wel, dis goed."

Ek het probeer om hom te vang, julle sien. En as ek . . . Toe ek uiteindelik sy gees gekry het (nou, dit was die ander man), as ek ooit met 'n lae huigelaar gepraat het, was daar een van hulle! Hy het gebly . . . Sy vrou was 'n swartkop vrou, hy het by 'n blondine gebly en het twee kinders by haar gehad. Drink, vloek, na kroeë gehardloop, en allerhande ander dinge, en tog daarbinne en praat in tale en profeteer.

Toe het ek gesê, "Here vergewe my." Ek het huis toe gegaan. Dis reg. En ek het gesê, "Ek sal net 'n . . . ek kan dit nie verstaan nie. Gelyk soos die geseënde Heilige Gees wat geval het, en op daardie huigelaar." Ek het gesê, "Kan nie wees nie! Dis al."

Gedurende hierdie lang periode toe, terwyl ek studeer en uitgeroep het, gedink dat as ek met hulle kon uitgaan sou ek miskien uitvind waaroor dit alles gegaan het. Hier's een, 'n opregte Christen; en die ander een, 'n regte huigelaar. Toe het ek gedink, "Wat daarvan? O," het ek gesê, "God, miskien—miskien is daar iets verkeerd met my." En ek het gesê, omdat ek 'n fundamentalis is, "Dit sal so in die Bybel moet wees. Dit sal moet."

Vir my, alles wat opereer moet uit hierdie Bybel kom of dis nie reg nie. Dit moet Hieruit kom. Dit moet in die Bybel beproef word, nie net een plek nie, maar dit moet al die pad deur die Bybel kom. Ek moet dit glo. Dit moet ooreenstem en saamsmelt met elke Skrif of ek glo dit nie. En dan, omdat Paulus gesê het, "As 'n engel van die Hemel kom, en enige ander evangelie preek, laat hom vervloek wees." So ek glo die Bybel.

En ek het gesê, "Ek kon nooit iets soos daardie in die Bybel sien nie."

Twee jaar later, nadat ek my vrou en alles verloor het, was ek daarbo by Green's Mill, my klein ou plekkie daarbo, biddend. Was terug in my grot daaragter vir drie of vier dae, dit was twee dae. Ek het uitgeloop om 'n bietjie asem te kry, 'n bietjie lug. En toe ek daar uitgeloop het, my Bybel het daar op die punt van 'n stomp gelê net soos jy inkom. 'n Ou boom wat omgewaai was, dit het 'n vurk daarin gehad. En ek . . . Dit het 'n vurk gehad wat opgeleun het soos *hierdie,* en die boom het gelê. En ek het wydsbeen oor die stomp gesit, en daar gelê in die aand, terwyl ek opgekyk het na die lug soos die, my hand wat gelê het soos *die,* en somtyds aan die slaap geraak terwyl ek reg op die stomp gelê het soos daardie, biddende. Daarbo wees vir 'n paar dae, net niks eet of drink nie, net daar biddende. En ek het uitgestap om 'n bietjie vars lug te kry, buitekant daardie grot; dit was koel, klam daar binne in.

So toe het ek uitgekom en daar het my Bybel gelê waar ek Dit die dag vantevore gehad het, en dit was geblaai na Hebreërs, die 6de hoofstuk. En ek het begin lees daar, "Laat ons neerlê . . . op . . . na die volmaaktheid voortgaan, sonder om weer die fondament te lê van bekering uit dooie werke en van die geloof in God," en so voorts. "Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak het," en so voorts. Maar gesê, "Maar dorings en distels wat na aan vervloeking is, wie se einde . . . water . . . die reën kom dikwels op die aarde om dit te benat en voor te berei vir dit wat is—dit wat

naby aan vervloeking is, met dorings en distels, wie se einde is om verbrand te word."

En Iets het gegaan, "Whoooossssh!"

Ek het gedink, "Hier is Dit. Ek sal nou hoor wat ookal. . . Hy—Hy het my hier wakker gemaak, Hy's besig om reg nou vir my 'n visioen te gee." En ek het daar op die punt van daardie stomp gewag, en gewag. Ek het opgestaan en op en af geloop, op en af. Terggeloop, niks het gebeur nie. Weer teruggeloop na my grot toe, niks het gebeur nie. Ek het daar gestaan, ek het gedink, "Wel, wat is hierdie?"

Ek het weer na my Bybel toe geloop, en, o, Dit het het net weer oor my gekom. Ek het Dit opgetel, en ek het gedink, "Wat is daarin wat hy wil hê ek moet lees?" ek het verderaan gelees omtrent "bekering teenoor God, en geloof," en so voorts, en ek het verderaan gelees waar Dit sê, "Die reën kom dikwels op die aarde om dit te benat en voor te berei waarvoor dit bedoel is, vir hier, maar die dorings en distels wat na aan vervloeking is wie se einde is om verbrand te word." En, o, Dit het my net geskud!

En ek het gedink, "Here, gaan U my 'n visioen gee van wat. . . " Ek was daar bo om Hom iets anders te vra.

Toe ewe skielik, voor my, sien ek die wêreld rol, en dit was heeltemal omgedolwe. En hier het 'n man in wit gegaan, met sy hoof omhoog, en Sade gesaai soos hierdie. En toe hy gegaan het, kom daar, net toe hy oor die heuwel gegaan het, hier kom 'n man agter hom, in swart geklee, met sy hoof omlaag, en saai sade. En toe die goeie Sade opkom, was dit koring; en toe die slegte sade opkom, was dit onkruid.

En toe kom daar 'n groot droogte op die aarde, en die koring het sy kop vooroor gehang gehad, op die punt om te vergaan, deur gebrek aan water. En ek het al die mense gesien met hulle hande op, biddende vir God om water te stuur. En toe sien ek die onkruid, dit het sy kop afgebuig gehad, gebuig vir water. En net toe het die groot wolke oorgekom en die reën het net neergeval. En toe dit het, het die klein koring wat heeltemal vooroor gebuig was gegaan, "Whiesh," penregop gaan staan. En die klein onkruid reg langs hom het gegaan, "Whiesh," penregop gaan staan.

Ek het gedink, "Wel, wat's daardie?"

Toe kom Dit na my toe. Daar is dit. Dieselfde reën wat die koring laat groei, laat die onkruid groei. En dieselfde Heilige Gees kan op 'n bondel mense val, en kan 'n huigelaar seën net soos Dit die ander seën. Jesus het gesê, "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken." Nie of hy skree nie, of hy juig nie, maar "aan sy vrugte sal julle hulle ken."

Ek het gesê, "Daar is dit!" "Ek het dit, Here." Ek het gesê, "Dan is dit werklik die Waarheid." Hierdie man . . . Jy kan gawes hê sonder om God te ken.

So toe ek—toe het ek té krities geword op praat in tale, julle sien. Maar eendag, toe, hoe God dit aan my gevindikeer het! ["vindicate" vindikeer: onthef van alle twyfel—Vertaler].

Ek was besig om te doop daar onder in die rivier, my eerste bekeerlinge, by die Ohio Rivier, en die sewentiende persoon wat ek besig was om te doop, toe ek begin om te doop, toe het ek gesê, "Vader, soos ek hom met water doop, doop U hom met die Heilige Gees." Ek het begin om—om hom onder die water te druk.

En net toe kom daar 'n warrel van die hemele bo, en hier kom daardie Lig, skynende af. Honderde en honderde mense op die wal, presies teen twee uur in die namiddag, in Junie. En Dit het reg bokant waar ek was gehang. 'n Stem het vandaar gepraat, en gesê, "Soos Johannes die Doper gestuur was vir die voorganger van die eerste koms van Christus, het jy 'n . . . 'n Boodskap wat die voorgang van die Tweede Koms van Christus sal voortbring." En dit het my amper laat doodskrik.

En ek het teruggegaan, en al die mense daar, die—die metaalgieters en hulle almal, die aptekers, en almal van hulle op die wal. Ek het omtrent twee of drie honderd daardie middag gedoop. En toe hulle my uithaal, my uit die water trek, het die diakens en so voorts opgekom, hulle het my gevra, gesê, "Wat het daardie Lig beteken?"

'n Groot groep van nie-blanke mense van die—die "Gilead Age Baptist" kerk en die "Lone Star" kerk daar onder, en baie van daardie was daar onder, hulle het begin skree toe hulle dit gesien gebeur het, mense het flou geword.

'n Meisie wat ek daar uit 'n boot probeer kry het, wat daar gesit het met 'n swembroek aan, 'n Sondagskool onderwyseres in 'n kerk, en ek het gesê, "Wil jy nie uitgaan nie, Margie?"

Sy het gesê, "Billy, ek hoef nie uit te gaan nie."

Ek het gesê, "Dis reg, jy hoef nie, maar ek sou genoeg respek vir die Evangelie hê om uit te kom waar ek doop."

Sy het gesê, "Ek hoef nie."

En toe sy daar giggelend sit en vir my lag terwyl ek doop, want sy het nie in doop geglo nie, so toe die Engel van die Here afkom het sy vooroor geval in die boot. Vandag is die meisie in die kranksinnige instituut. So jy kan net nie met God speel nie. Sien? Nou, later aan . . . 'n Pragtige meisie, het lateraan begin drink, was met 'n bottel geslaan, van—van bottel bier, het haar hele gesig of gesny. O, 'n verskriklike lelike persoon! En daar het dit gebeur.

En toe al deur die lewe het ek dit gesien, dit gesien beweeg, daardie visioene gesien, hoe daardie dinge sou gebeur. Toe, 'n

rukkie later, Dit het my so aanhoudend gepla, en almal wat my vertel Dit was verkeerd. En ek het weggegaan na my ou grondgebied, daar bo waar ek altyd deurgebid het. En ek sou . . . Maak nie saak hoeveel ek sou bid vir Daardie om nie na my te kom nie, Dit het in elk geval gekom. En so was ek net . . . ek was—ek was wildbewaarder in die Staat van Indiana. En ek het ingekom, daar was 'n man wat daar gesit het, 'n broer van my pianis by die Tabernakel. En hy het gesê, "Billy, sal jy saam met my na Madison toe ry vanmiddag?"

Ek het gesê, "Ek kan dit nie doen nie, ek moet opgaan na die bosbedryf toe."

En ek sou . . . Net om die huis gekom en my gordel afgehaal, vuurwapen gordel en dinge, en my moue opgerol. Ons het in 'n klein twee-kamer huisie gebly, en ek wou was en regmaak vir my maaltyd. En ek het gewas, en net om die kant van die huis gestap, onder 'n—'n groot esdoring boom, en ewe skielik het Iets gegaan, "Whoooossssh!" En ek het net omtrent flou geword. En ek het gekyk, en ek het geweet dit was weer Dit.

Ek het op die trappe gaan sit, en hy het uit sy motor gespring en na my toe gehardloop, gesê, "Billy, word jy flou?"

Ek het gesê, "Nee, meneer."

Hy het gesê, "Wat's verkeerd, Billy?"

En ek het gesê, "Ek weet nie." Ek het gesê, "Gaan net aan, broer, dis alles reg. Dankie."

My vrou het uitgekom en 'n houer water gebring, sy het gesê, "Liefling, wat's verkeerd?"

Ek het gesê, "Niks nie, liefling."

So sy het gesê, "Kom nou, aandete is gereed," en sy het haar arm om my gesit, my probeer inbring.

Ek het gesê, "Liefling, ek—ek wil jou iets vertel." Ek het gesê, "Jy kan hulle skakel en hulle sê ek sal nie daar wees vanmiddag nie." Ek het gesê, "Meda, liefling," Ek het gesê, "Ek weet in my hart dat ek Jesus Christus liefhet. Ek weet dat ek oorgegaan het van die dood in die Lewe. Maar ek wil nie hê dat die Duiwel enigiets met my te doen moet hê nie." En ek het gesê, "Ek kan nie so aangaan nie, ek is 'n gevangene." Ek het gesê, "Al die tyd, wanneer hierdie ding aanhou gebeur, en dinge soos daardie, en hierdie visioene kom, en so voorts soos daardie, of wat dit ookal is," het ek gesê . . . (Dit het met my gebeur, ek het nie geweet dit was 'n visioen nie, ek het dit nie 'n visioen genoem nie.) Ek het gesê, "Daardie soort van vervoeringe," Ek het gesê, "Ek weet nie wat dit is nie. En, liefling, ek—ek—ek—ek wil nie met dit rondspeel nie, hulle—hulle vertel my dis die Duiwel. En ek is lief vir die Here Jesus."

"O," het sy gesê, "Billy, jy behoort nie te luister na wat mense jou vertel nie."

Ek het gesê, "Maar, liefling, kyk na ander predikers." Ek het gesê, "Ek—ek wil dit nie hê nie." Ek het gesê, "Ek gaan na my plekkie in die bosse. Ek het omtrent vyftien dollars, kyk jy na Billy." Billy was toe 'n klein seuntjie, 'n baie klein outjie. Ek het gesê, "Neem jy—jy . . . Dis genoeg vir jou en Billy om op te lewe, 'n rukkie. Bel hulle en se vir hulle ek—ek sal miskien more terug wees, en mag miskien nooit weer terug wees nie. As ek nie terug is in die volgende vyf dae nie, sit 'n man in my plek." En ek het gesê, "Meda, ek sal nooit uit daardie bosse kom totdat God my belowe dat Hy daardie ding van my sal wegneem en dit nooit weer sal laat gebeur nie." Dink aan die onkundigheid wat 'n man kan wees!

En ek het opgegaan soontoe daardie nag en het agter in die ou hutvloer gegaan. Dit was die volgende dag, dit was soort van laat, ek sou opgegaan het na my kamp die volgende dag, op die . . . verder om die berg, of die heuwel, liewer, en op in die bosse daar gegaan het. Ek glo nie die FBI kon my daar bo kry nie. So hierdie klein ou hutjie . . . Ek het daardie hele middag daar gebid en voordat dit te donker geword het. Ek sou bid, het gelees daar in die Bybel waar Dit gesê het, "Die Gees van die profete is onderworpe aan die profeet." Ek kon dit nie verstaan nie. So dit het te donker geword in die hutjie.

Waar ek gewoond was om valstrikke te stel toe ek 'n seun was, het 'n striklyn daardeur gehad en opgegaan daarnatoe en visgevang en die hele nag gebly. Net 'n klein ou vervalle hutjie wat daar gestaan het, was al daar vir jare. 'n Sekere huurder mag dit gehad het voordat dit alles so geword het.

En so ek—ek het net daar gewag. En ek het gedink, "Wel." Het aangegaan na een uur, twee uur, drie uur in die oggend. Ek het op en af oor die vloer geloop, heen en weer geloop. Ek gaan sit op 'n klein ou stoeltjie daar, 'n klein . . . nie 'n stoel nie, 'n klein ou dosie, of 'n ding. En ek het daar gaan sit, en ek het gedink, "O, God, waarom doen U hierdie aan my?" Ek het gesê, "Vader, U weet ek het U lief. U weet dat ek U liefhet! En ek—ek—ek wil nie besete wees met die Duiwel nie. Ek wil nie hê daardie dinge moet met my gebeur nie. Asseblief, God, moet nooit dat dit weer met my gebeur nie."

Ek het gesê, "Ek—ek het U lief. Ek wil nie hel toe gaan nie. Wat's die doel van my om te preek en te probeer, en my pogings in te sit, as ek verkeerd is? En ek neem nie net myself hel toe nie, ek mislei duisende van ander." Of, honderde van ander in daardie dae. En ek het gesê . . . Ek het 'n groot bediening gehad. En ek het gesê, "Wel, ek—ek wil nooit weer hê dit moet met my gebeur nie."

En ek het gaan sit op hierdie klein stoeltjie. En ek het net gesit, o, soort van in hierdie posisie, net soos *hierdie*. En, ewe skielik, het ek 'n Lig in die kamer sien flikker. En ek het

gedink iemand was besig om op te kom met 'n flitslig. En ek het rondgekyk, en ek het gedink, "Wel . . . " En hier was Dit, reg voor my. En ou houtplanke op die vloer. En daar was Dit, reg voor my. En 'n klein drom stofie het in die hoek gestaan, die bokant was afgeskeur gewees. En—en reg *hier* binne was daar 'n—'n Lig op die vloer, en ek het gedink, "Wel, waar's dit? Wel, dit kan nie . . . "

Ek het rondgekyk. En daar was Dit bokant my. *hierdie* selfde Lig, reg bokant my, gehang soos *daardie*. Rondgesirkel soos 'n vuur, soort van smarag kleur, gegaan, "Whoossh, whoossh, whoossh!" soos daardie, net bokant Dit, soos daardie. En ek het Daarna gekyk, en ek het gedink, "Wat is Dit?" Nou, dit het my bang gemaak.

En ek het iemand hoor kom, [Broer Branham maak iemand na wat loop—Red.] net geloop, net, dit was kaalvoet. En ek het die voet van 'n Man gesien inkom. Donker in die kamer, oral behalwe reg hier waar Dit reg afgeskyn het. En ek het die voet van 'n Man gesien wat inkom. En toe Hy in die kamer inkom, nader gestap het, Hy was 'n Man omtrent . . . gelyk om omtrent twee honderd pond te weeg. Hy het Sy hande gevou gehad soos *die*. Nou, ek het Dit in 'n Warrelwind gesien, ek het dit gehoor praat met my, en Dit in die vorm van 'n Lig gesien, maar die eerste keer wat ek ooit die gedaante van Dit gesien het, Dit het nader na my toe geloop, baie naby.

Wel, eerlik, vriende, ek—ek het gedink my hart sou gaan staan, ek . . . Dink net! Plaas jouself daar, dit sou jou dieselfde laat voel het. Julle is miskien verder aan op die pad as wat ek is, mag 'n Christen vir langer gewees het, maar Dit sou jou so laat voel het. Want na honderde en honderde van kere van besoeke, verlam dit my wanneer Hy naby kom. Dit maak my somtyds selfs . . . ek word partymaal amper heeltemal flou, net so swak, wanneer ek die platvorm verlaat baie kere. As ek te lank bly, sal ek heeltemal bewusteloos raak. Ek het hulle al gehad dat hulle my rondry vir ure, sonder om te weet waar ek was. En ek kan dit nie verduidelik nie. Lees hier in die Bybel, en Dit sal Dit verduidelik, wat dit is. Die Skrif sê so!

So ek het daar gesit en na Hom gekyk. Ek—ek my hand soort van opgehad soos *daardie*. Hy het direk na my gekyk, net so aangenaam. Maar Hy het 'n diep Stem gehad, en Hy het gesê, "Moenie vrees nie, ek is gestuur van die Teenwoordigheid van Almagtige God." En toe Hy praat, daardie Stem, dit was dieselfde Stem wat met my gepraat het toe ek twee jaar oud was, al die tyd daarna. Ek het geweet dit was Hy. En ek het gedink, "Nou . . . "

En hoor dit. Nou, luister na die gesprek. Ek het dit die beste vertel wat ek kan, wetende, woord vir word, want ek sou dit skaars kon onthou.

Hy . . . Ek het gesê . . . Gekyk na Hom soos die. Hy het gesê, "Moenie vrees nie," net so stil, gesê, "Ek is gestuur van die Teenwoordigheid van Almagtige God, om jou te vertel dat jou eienaardige geboorte . . . " Soos julle weet wat my geboorte daar bo was. Daardie selfde Lig het oor my gehang toe ek gebore was. En toe het Hy gesê, "Jou eienaardige geboorte en misverstane lewe was om aan te toon dat jy na die hele wêreld moet gaan en vir die siek mense moet bid." En gesê, "En ongeag van wat hulle het . . . " En Hy het uitgewys (God, Wie my Regter is, weet) dat, Hy "kanker" uitgewys het. Gesê, "Niks . . . as jy die mense kry om jou te glo, en opreg is wanneer jy bid, sal niks voor jou gebede staan nie, nie eers kanker nie." Sien, "As jy die mense kan kry om jou te glo."

En ek het gesien Hy was nie my—my vyand nie, Hy was my vriend. En ek het nie geweet of—of ek besig was om te sterf of wat was aan die gang toe Hy so na my toe gekom het soos daardie nie. En ek het gesê, "Wel, Meneer," ek het gesê, "Ek is . . . " Wat het ek geweet omtrent genesings en dinge soos daardie, daardie gawes? Ek het gesê, "Wel, Meneer, ek is 'n—ek—ek is 'n arm man." En ek het gesê, "Ek is tussen my mense. Ek—ek leef saam met my mense wat arm is. Ek is ongeletterd." En ek het gesê, "En ek—ek—ek sal nie in staat wees om, hulle sal nie—hulle sal my nie verstaan nie." Ek het gesê, "Hulle—hulle sal nie—hulle sal my nie aanhoor nie."

En Hy het gesê, "Soos die profeet Moses twee gawes gegee was, tekens," liewer, "om sy bediening te vindikeer, so sal aan jou twee—so is twee gawes aan jou gegee om jou bediening te vindikeer." Hy het gesê, "Een van hulle sal wees, dat jy 'n persoon vir wie jy bid by die hand sal neem, met jou linkerhand en hulle regter," en gesê, "staan dan net stil, en dit sal . . . daar sal 'n fisiese effek wees wat op jou liggaam sal gebeur." En gesê, "Dan bid jy. En as dit weggaan, is die siekte weg van die mense. As dit nie weggaan nie, vra dan net 'n seën en loop weg."

"Wel," het ek gesê, "Meneer, ek is bevrees hulle sal my nie ontvang nie."

Hy het gesê, "En die volgende ding sal wees, as hulle dit nie wil hoor nie, dan sal hulle dit hoor." Gesê, "Dan sal dit so wees dat jy die diepe geheimenisse van hulle harte sal weet." Gesê, "Dit sal hulle hoor."

"Wel," het ek gesê, "Meneer, dis waarom ek hier is vanaand. Ek was vertel deur my leraars dat daardie dinge wat na my toe gekom het verkeerd was."

Hy het gesê, "Jy was gebore in hierdie wêreld in vir daardie doel." (Sien, "gawes en roepings sonder bekering.") Hy het gesê, "Jy was gebore in hierdie wêreld in vir daardie doel."

En ek het gesê, "Wel, Meneer," Ek het gesê, "Daardie, my leraars het dit aan my vertel, dat dit die—die bose gees was." En ek het gesê, "Hulle . . . Dis waarom ek hier is om te bid."

En hier's wat Hy aan my kwoteer het. Hy het aan my die koms van die Here Jesus verhaal, in Sy eerste tyd. En ek het gesê . . .

Die snaakse dinge was, vriende . . . Wel, ek sal net hier vir 'n minuut stop, teruggaan. Wat my banger as ooit gemaak het, elke keer as ek 'n fortuin verteller ontmoet het, het hulle herken dat iets gebeur het. En dit het net . . . dit het my net amper doodgemaak.

Byvoorbeeld, eendag het ek en my nefies afgegaan deur 'n —'n karnaval gronde, en ons was net seuns, aangestap gekom. Toe was daar 'n klein fortuin vertelster daarbuite in een van daardie tente, 'n jong dame, mooi jong dame, sy het daar gesit. En ons het almal gegaan, daarlangs gestap. Sy het gesê, "Sê, jy, kom 'n bietjie hier!" En die drie van ons seuns het omgedraai. En sy het gesê, "Jy met die gestreepte trui" (dit was ek).

En ek het gesê, "Ja, dame?" Ek het gedink sy wou miskien hê dat ek vir haar 'n coke of iets soos daardie moet kry. En sy was 'n—'n jong vrou, miskien in haar vroeë twintigs, of iets, wat daar gesit het. En ek het opgestap, ek het gesê, "Ja, dame, wat kan ek vir u doen?"

En sy het gesê, "Sê, het jy geweet daar's 'n—'n Lig wat jou volg? Jy was onder 'n sekere teken gebore."

Ek het gesê, "Wat bedoel u?"

Sy het gesê, "Wel, jy was onder 'n sekere teken gebore. Daar's 'n Lig wat jou volg. Jy was gebore vir 'n Goddelike roeping."

Ek het gesê, "Gaan weg hier, vrou!"

Ek het begin aanstap, want my moeder het my altyd vertel daardie dinge is van die Duiwel. Sy was reg. So ek . . . Dit het my bang gemaak.

En een dag terwyl ek 'n wildbewaarder was, het ek opgegaan in die bus. En ek het op die bus geklim. Was altyd gelyk om onderwerp te wees aan geeste. Ek het daar gestaan, en hierdie matroos het agter my gestaan. En ek het opgegaan om te patrolleer, en ek het opgegaan na die Henryville Bosbouery, was op 'n bus. Ek het aanhoudend 'n snaakse iets gevoel. Ek het rondgekyk daarbinne, en daar was 'n—'n groot swaargeboude vrou wat daar gesit het, netjies aangetrek. Sy het gesê, "Aangename kennis."

Gesê, "Aangename kennis!"

Ek het gedink dit was net 'n vrou, julle weet, wat gepraat het, so ek het net aangehou . . . Sy het gesê, "Ek sal graag 'n bietjie met jou wil praat."

Ek het gesê, "Ja, dame?" En ek het omgedraai.

Sy het gesê, "Het jy geweet jy is onder 'n sekere ster gebore?"

Ek het gedink, "Nog een van daardie snaakse vrouens." So ek het net aangehou uit kyk. En so ek het nie 'n woord gesê nie, net aangehou . . .

Sy het gesê, "Kan ek 'n oomblik met jou praat?" En ek het net aangehou . . . Sy het gesê, "moenie so maak nie."

Ek het aangehou vorentoe kyk. Ek het gedink, "Dit is nie manierlik nie."

Sy het gesê, "Ek sal graag net 'n oomblik met jou wil praat."

Ek het net aangehou vorentoe kyk, en ek wou nie enige aandag aan haar skenk nie. Direk het ek gedink, "Ek sal kyk en sien of sy soos die res van hulle sê." Ek het omgedraai, ek het gedink, "O, my!" Dit het my laat bewe, ek weet, want ek dit gehaat om dit te dink. Omgedraai.

Sy het gesê, "Miskien beter ek myself verduidelik." Sy het gesê, "Ek is 'n astroloog."

Ek het gesê, "Ek het gedink u was iets soos daardie."

Sy het gesê, "Ek is op my weg na Chicago om my seun te sien wie 'n Baptiste predikant is."

En ek het gesê, "Ja, dame."

Sy het gesê, "Enigiemand jou ooit vertel dat jy onder 'n teken gebore was?"

Ek het gesê, "Nee, dame." Nou, ek het daar vir haar gejok, sien, en ek het gesê . . . wou net gesien het wat sy gaan sê. En sy het gesê . . . Ek het gesê, "Nee, dame."

En sy het gesê, "Het . . . Het predikante ooit vir jou vertel?" Ek het gesê, "Ek het niks te doen met predikante nie." En sy het gesê, "Uh-huh."

En ek het gesê . . . sy—sy het vir my gesê . . . ek het gesê, "Wel . . . "

Sy het gesê, "As ek jou net presies sê wanneer jy gebore was, sal jy my glo?"

Ek het gesê, "Nee, dame."

En sy het gesê, "Wel, ek kan jou sê wanneer jy gebore was." Ek het gesê, "Ek glo dit nie."

En sy het gesê, "Jy was gebore op April die 6de, 1909, om vyfuur in die more."

Ek het gesê, "Dis reg." Ek het gesê, "Hoe weet u dit?" Ek het gesê, "Sê vir hierdie matroos hier wanneer by gebore was."

Sy het gesê, "Ek kan nie."

En ek het gesê, "Waarom? Hoe weet u dit?"

Gesê, "Kyk, meneer." Het Sy gesê, toe sy begin praat het oor hierdie sterrekunde nou, en sy het gesê, "Elke soveel jaar . . . "

Gesê, "Onthou jy toe die morester gekom het, wat die wyse manne na Jesus Christus toe gelei het?"

En ek het soort van gestol, julle weet, ek het gesê, "Wel, ek weet niks van godsdiens of nie."

En sy het gesê, "Wel, jy het gehoor van die wyse manne wat na Jesus toe gekom het."

Ek het gesê, "Ja."

En sy het gesê, "Wel, wat was wyse manne?"

"O," het ek gesê, "hulle was net wyse manne, al wat ek weet."

Sy het gesê, "Wel, wat was wyse manne?" Sy het gesê, "Dieselfde ding wat ek is, 'n sterrekundige, 'ster staarder' noem hulle hulle." En sy het gesê, "Jy weet, voordat God enigiets doen in—in die aarde, verklaar Hy dit altyd in die hemel, en dan op die aarde."

En ek het gesê, "Ek weet nie."

En sy het gesê, "Wel . . . " Sy het twee of drie genoem, twee . . . drie sterre, soos Mars, Jupiter, en Venus. Dit was nie hulle nie, maar sy het gesê, "Hulle paaie het gekruis en bymekaar gekom en gemaak . . . " Gesê, "Daar was drie wyse manne wat gekom het om die Here Jesus te ontmoet, en een was van die geslag van Ham, en een van Sem, en die ander een Jafet." En gesê, "Toe hulle saam ontmoet het by Bethlehem, het die drie sterre waarvandaan hulle was . . . Elke persoon op aarde," gesê, "hulle het iets te doen met die sterre." Gesê, "Vra daardie matroos daar wanneer die maan uitgaan en die hemelse planeet uitgaan, of die gety nie saam met dit gaan en inkom nie."

Ek het gesê, "Ek hoef hom nie dit te vra nie, ek weet dit."

En sy het gesê, "Wel, jou geboorte het iets te doen met die sterre daarbo."

En ek het gesê, "Wel, dit weet ek nie."

En sy het gesê, "Nou, hierdie drie wyse manne het gekom." En gesê, "Toe hulle drie sterre, toe hulle . . . Hulle het van verskillende rigtings gekom en hulle het by Bethlehem ontmoet. En hulle het gesê hulle het uitgevind en en het gekonsulteer, en een was van die geslag van Ham, Sem en Jafet, die drie seuns van Noag." En sy het gesê, "Toe het hulle gekom en die Here Jesus Christus aanbid." En gesê, "Toe hulle uitmekaar gegaan het," gesê, "hulle het geskenke gebring en vir Hom gegee."

En gesê, "Jesus Christus het in Sy bediening gesê, dat wanneer hierdie Evangelie aan die hele wêreld verkondig is (Ham, Sem, en Jafet se mense), dan sal Hy weer kom." En sy het gesê, "Nou, daardie planete, hemelse planete, soos hulle rondbeweeg . . . " Gesê, "Hulle het uitmekaar gegaan. Hulle was nooit weer intussen op die aarde nie, bekend nie. Maar" gesê "elke soveel honderd jaar, kruis hulle hulle siklus soos *hierdie*."

(As daar dalk 'n sterrekundige hier is, mag hy weet waarvan sy gepraat het, ek weet nie.) So toe sy gepra- . . . Gesê, "Hulle kruis soos daardie." En gesê, "In herrinnering van die grootste geskenk wat ooit aan die mens gegee was, toe God Sy Seun gegee het. Wanneer hierdie planete hulleself weer kruis, wel," gesê, "Stuur Hy nog 'n geskenk op die aarde." En gesê, "Jy was gebore op die kruising van daardie tyd." En gesê, "Dis die rede waarom ek dit weet."

Wel, toe het ek gesê, "Dame, die eerste plek glo ek niks daarvan nie. Ek is nie godsdienstig nie, en ek wil niks meer daarvan hoor nie!" Weggeloop. En so het ek haar baie kort afgeknip. Toe het ek uitgegaan.

En elke keer as enige . . . Ek rondom een van hulle kom, was dit die manier gewees waarop dit sou wees. En ek het gedink, "Waarom doen daardie duiwels dit?"

Toe die predikante, wat sê, "Dis die Duiwel! Dis die Duiwel!" Hulle het my dit laat glo.

En toe daardie nag daarbo toe ek . . . toe Hy verwys het daarna, het ek Hom gevra. Ek het gesê, "Wel, waarom was dit dat al daardie mediums en dinge soos daardie, en daardie duiwel besete mense, wat my altyd Daaromtrent vertel; en die kerklike wat, my broeders, vertel my dat dit van die bose gees is?"

Nou luister na wat Hy gesê het, Hierdie Een wat daar in hang in die foto. Hy het gesê, "Soos dit toe was, so is dit nou." En Hy het my begin verwys, dat, "Toe die bediening van ons Here Jesus Christus begin plaasvind het, het die predikante gesê, 'Hy was Beëlsebul, die Duiwel'; maar die duiwels het gesê, 'Hy was die Seun van God, die Heilige Een van Israel.' Duiwels . . . En kyk na Paulus en Barnabas toe hulle daar bo besig was om te preek. Die predikante het gesê, 'Hierdie manne keer die wêreld om. Hulle is boos, hulle—hulle is die Duiwel.' En die klein ou fortuin vertelster buite in die straat, het herken dat Paulus en Barnabas kinders van God was, gesê, 'Hulle is manne van God wie vir ons die weg van Lewe vertel.'" Is dit reg? "Spiritualiste en waarsêers, duiwelbesete mense."

Maar ons het so afgesaag geraak op teologie, totdat ons niks weet van die Gees nie. Ek hoop julle het my lief na hierdie. Maar dis wat dit is. Ek bedoel Pinkster, ook! Dis reg. Net skree en ronddans meen nie dat jy enigiets omtrent die Gees weet nie.

Dis persoonlike kontak, van aangesig tot aangesig, dis wat jy nodig het. Dis die soort van Kerk wat God op die punt is om op te rig, dis reg, wanneer hulle saamkom in eenheid en krag, in Gees.

En Hy het verwys daarna. En Hy het my vertel hoe dat die bediening Dit misverstaan het, en het my verseker dat die bediening Dit misverstaan het. En toe Hy my vertel het omtrent dit alles en dat Jesus . . .

Ek het gesê, "Wel, wat hieromtrent, hierdie dinge wat met my gebeur?"

En, julle sien, Hy het gesê, "Dit sal vermenigvuldig en groter en groter word." En Hy het my verwys na, my vertel hoe Jesus dit gedoen het; hoe dat Hy gekom het en in besit was met 'n Krag wat dinge vooruit sou weet, en aan die vrou by die put vertel het, nie aanspraak gemaak het om 'n geneser te wees nie, aanspraak gemaak om daardie dinge te doen net soos die Vader Hom getoon het.

Ek het gesê, "Wel, watse soort van 'n gees sou dit wees?" Hy het gesê, "Dit was die Heilige Gees."

Toe het daar iets binne-in my gebeur, dat ek besef het dat die einste ding waarop ek my rug gedraai het was wat God my hierheen voor gebring het. En ek het besef dat dit net soos daardie Fariseërs in vervloë se dae was, hulle het die Skrif misinterpreteer aan my. So van toe of het ek my eie interpretasie Daarvan geneem, wat die Heilige Gees gesê het.

Ek het vir hom gesê, "Ek sal gaan." Hy het gesê, "Ek sal met jou wees."

En die Engel het weer in die Lig gestap, wat begin het om om en om te kom, en om en om, en om Sy voete soos daardie, het opgegaan in die Lig in en het uit die gebou gegaan.

Ek het 'n nuwe mens huis toe gegaan.

Oorgestap na die kerk toe en die mense daarvan vertel, die . . . dit was op Sondagaand.

En op die Woensdagaand het hulle 'n vrou daarheen gebring, een van Mayo se verpleegsters wat besig was om te sterf aan kanker, niks behalwe 'n skaduwee. Toe ek afstap om beheer te neem van haar, het daar 'n visioen voor haar gekom, haar gewys waar sy weer verpleeg. En sy is op die lys in Louisville, "is dood vir jare." Daar is sy by Jeffersonville nou, verpleeg, verpleeg al vir jare. Want, ek het opgekyk daarnatoe, en ek het daardie visioen gesien. Ek het omgedraai, byna nie geweet wat ek doen nie, daar gestaan, ek het gebewe toe hulle die eerste keer daardie geval gebring het en dit daar neergelê het. En die verpleegsters en dinge wat daar om haar gestaan het, en sy wat daar gelê het, en haar gesig heeltemal ingesak en haar oë ver terug.

Margie Morgan. As julle vir haar wil skryf, dis 411 Knoblochlaan, Jeffersonville, Indiana. Of skryf aan Clarke County Hospitaal, Jeffersonville, Indiana. Laat haar vir julle die—die getuienis gee.

En ek het daar neergekyk. En daardie eerste geval daar, om hier te sien uitkom, daar kom 'n visioen. Ek het daardie vrou weer gesien verpleeg, rondloop, goed en sterk en gesond. Ek het gesê, "SO SPREEK DIE HERE, 'Jy sal leef en nie sterf nie!'"

Haar man, 'n baie hoë man in hierdie wêreld se dinge, het na my gekyk soos *die*. Ek het gesê, "Meneer, moenie vrees nie! Jou vrou sal levee."

Hy het my buitekant geroep, gesê . . . Het twee of drie dokters geroep, gesê, "Ken jy hulle?"

Ek het gesê, "Ja."

"Wel," gesê, "Ek het nou net gholf gespeel met hom. Hy het gesê, 'Die kanker het om haar ingewande gedraai, jy kan haar nie eers met 'n lawement [Engels: "enema"—Vertaler] uitwas nie.'"

Ek het gesê, "Ek gee nie om wat sy het nie! Iets hieronder in, ek het 'n visioen gesien! En daardie Man het my vertel, gesê, wat ookal ek sien, om dit te sê en dit sal so wees. En Hy het my vertel en ek glo dit."

Prys God! 'n Paar dae later het sy haar wasgoed gedoen, rondgegaan. Sy weeg omtrent honderd vyf en sestig pond nou, in volmaakte gesondheid.

Toe, toe ek aanvaar het, het dit weggegaan. Toe het Robert Daugherty my geskakel. En hier het dit gegaan, uit af in Texas, dwarsoor die wêreld.

En een aand, aan omtrent vier of vyf keer uit . . . (Ek kon nie praat in tale en so aan verstaan nie. ek het geglo in die doop van die Heilige Gees, geglo die mense kon in tale praat.) En een aand toe ek uitgeloop het na die . . . in 'n Katedraal, San Antonio, Texas, daar geloop het, het 'n klein persoon wat daar gesit het in tale begin praat soos 'n geweer wat gevuur het, of 'n masjiengeweer, baie snel. Ver agter, ver agter daar, het 'n persoon opgestaan en gesê, "SO SPREEK DIE HERE! Die man wat op die platvorm loop gaan vooruit met 'n bediening wat van Almagtige God verordineer was. En soos Johannes die Doper gestuur was as die eerste voorloper van die koms van Jesus Christus, so dra hy 'n Boodskap wat die Tweede Koms van die Here Jesus Christus sal veroorsaak."

Ek het gevoel om te sink in my skoene. Ek het opgekyk, ek het gesê, "Ken jy daardie man?"

Hy het gesê, "Nee, meneer."

Ek het gesê, "Ken jy hom?"

Hy het gesê, "Nee, meneer."

Ek het gesê, "Ken jy my?"

Hy het gesê, "Nee, meneer."

Ek het gesê, "Wat doen jy hier?"

Hy het gesê, "Ek het dit in die koerant gelees." En gewoonlik . . . Dit was die eerste aand van die diens.

Ek het soontoe gekyk en ek het gesê, "Hoe het jy hier gekom?"

Gesê, "Sommige van my mense het gesê dat u hier sal wees, ''n Goddelike geneesheer,' en ek het gekom."

Ek het gesê, "Ken julle nie mekaar nie?" Hy het gesê, "Nee."

O, my! Daar het ek daardie selfde krag van die Heilige Gees gesien. . . Waar een tyd in die verlede het ek gedink dit was verkeerd, en ek het geweet dat ek. . . Hierdie selfde Engel van God was geassosieer met daardie mense wat daardie dinge gehad het. Alhoewel hulle onwaarheid en 'n groot baie deurmekaarspul en groot baie van Babilon daarin gehad het, maar daar binne was 'n opregte artikel. En ek het gesien dat dit—dit waar was.

O, jare het verbygegaan, en in die dienste het die mense die visioene en so voorts gesien.

Een tyd het 'n fotograaf Dit in 'n foto gevang toe ek êrens onder in Arkansas gestaan het, ek dink dit was, in 'n diens omtrent soos hierdie, die ouditorium omtrent soos hierdie. En ek het gestaan, probeer om Dit te verduidelik. Mense het geweet, hulle sou sit en luister, Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, en so voorts. En ek het net gekyk, en by die deur, hier kom Dit, gegaan, "Whoossh, whoossh!"

Ek het gesê, "Ek sal nie meer nodig hê om te spreek nie, want hier kom Dit nou." En Dit het opbeweeg, en mense het begin skree. Het opgekom tot waar ek was en daar rondom gevestig.

Net toe dit gevestig raak, het 'n predikant opgehardloop en gesê, "Sê, ek sien Dit!" En Dit het hom blind getref soos—soos hy kon wees, teruggesteier. Jy kan na die foto reg hier in die boek kyk en dit sien soos hy teruggesteier het met sy kop af soos *daardie*. Jy kan sy foto sien.

En daar het Dit gevestig. Net die nuusblad fotograaf het Dit daardie keer gevang. Maar die Here was nie gereed nie.

En een aand by Houston, Texas, toe, o, duisend keer duisend van mense. . . Ons het agthonderd. . . agthonderd daar by die wat-jy-dit-ookal-noem, daar by die musieksaal, oorgekom na die groot Sam Houston Coliseum.

En daar in daardie debat daardie aand, toe 'n Baptiste predikant gesê het ek "was niks anders as 'n lae huigelaar en 'n bedrieër nie, 'n godsdienstige bedrieër, en behoort uit die stad gejaag te word" en hy is die een wat dit behoort te doen.

Broer Bosworth het gesê, "Broer Branham, sal jy toelaat dat iets soos daardie gebeur? Daag hom uit!"

Ek het gesê, "Nee, meneer, ek glo nie om 'n ophef te maak nie. Die Evangelie is nie gemaak om 'n ophef oor te maak nie, Dis gemaak om te lewe." En ek het gesê, "Maak nie saak hoe jy horn oortuig nie, hy sal net diselfde aangaan." Ek het gesê, "Hy. . . sal geen verskil aan hom maak nie. As God nie tot sy hart kan spreek nie, hoe kan ek?"

Volgende dag het die uitgekom, gesê, "Dit wys jou waaruit hulle gemaak is," die Houston Chronicle. Gesê, "Wys jou waaruit hulle gemaak is, hulle is bang om te staan vir wat hulle preek."

Ou Broer Bosworth het na my toe gekom, al in sy sewentigs toe, lieflike ou broer, het sy arm om my gesit, gesê, "Broer Branham," het hy gesê, "Bedoel jy dat jy dit nie gaan opneem nie?"

Ek het gesê, "Nee, Broer Bosworth. Nee, meneer. Ek gaan dit nie opneem nie." Ek het gesê, "Dit doen geen goed nie." Ek het gesê, "Veroorsaak net ophef wanneer ons die platvorm verlaat." Ek het gesê, "Ek gaan nou 'n diens hou, en ek wil nie hê dat dinge deurmekaar moet raak sons daardie nie." Ek het gesê, "Laat hulle net aangaan." Ek het gesê, "Dis al, hy's net besig om te babbel." Ek het gesê, "Ons het hulle voorheen gehad, en dit doen geen goed om met hulle te praat nie." Ek het gesê, "Hulle sal net aangaan, hulleself hou." Ek het gesê, "As hulle eenmaal die kennis van die Waarheid ontvang en hulle wil Dit dan nie ontvang nie, die Bybel sê hulle het die skeidingslyn gekruis en hulle sal nooit vergewe word in hierdie wêreld of die wêreld om te kom nie. Hulle noem Dit 'die Duiwel' en hulle kan dit nie verhelp nie. Hulle is bemeester met 'n godsdienstige gees wat die Duiwel is."

Hoeveel weet dis waar, dat 'n duiwel gees godsdienstig is? Ja, meneer, net so fundamenteel as hulle kan wees. En so toe het dit nie baie goed gegaan toe ek gesê het "fundamenteel" nie, maar dis waar. "Het 'n vorm van godsaligheid maar ontken die Krag daarvan." Dis reg. Tekens en wonders is wat God vindikeer, altyd. En Hy het gesê dit sal in die laaste dae dieselfde ding wees. En let op!

Ou Broer Bosworth, ek . . . hy het saam met my huis toe gegaan, en hy was soort van moeg; hy het teruggekom van Japan af, hy sou hier gewees het. Hy gaan aan om by Lubbock saam met my te wees. En so hy was . . . by het 'n bietjie swaar verkoue gehad, so hy kon nie by hierdie een wees nie, hy en sy vrou. En so hy . . .

Almal het gedink hy lyk sons Kaleb. Hy het daar gestaan, hy het gesê, "Wel, Broer Branham," (daardie baie waardige gestalte, julle weet), hy het gesê, "laat ek dit gaan doen" en gesê "as jy dit nie wil doen nie."

Ek het gesê, "O Broer Bosworth, ek—ek— wil nie hê jy moet dit doen nie. Jy sal 'n ophef gaan maak."

Hy het gesê, "Daar sal nie een woord van ophef wees nie."

Nou, net voordat ek sluit, luister hierna. Hy het soontoe afgegaan. Ek het gesê, "As jy nie 'n ophef maak nie, nou goed."

Gesê, "Ek belowe om nie 'n ophef te maak nie."

Omtrent dertigduisend mense het vergader vir daardie ouditorium daardie aand. Broer Wood, wat daar sit, was teenwoordig die tyd, en het in daardie ouditorium gesit. En ek . . .

My seun het gesê, of . . . My vrou het gesê, "Jy gaan nie na daardie vergadering toe nie?"

Ek het gesê, "Nee. Ek sal nie daarnatoe gaan en hulle hoor kibbel nie. Nee, meneer. Ek sal nie soontoe gaan en daarna luister nie."

Toe die aand kom, het Iets gesê, "Gaan aan soontoe."

Ek het 'n huurmotor gekry, my broer, en vrou en my kinders, ons het afgegaan. En ek het ver op in balkon dertig gegaan, hoog soos daardie, en gaan sit.

Ou Broer Bosworth het daar uitgestap net soos 'n ou diplomaat, julle weet. Hy het afdrukke gemaak van sommige . . . Hy het ses honderd verskillende afdrukke van beloftes van die Bybel daar gehad. Hy het gesê, "Nou, Doktor Best, as u sal opkom hierheen en een van hierdie beloftes sal neem en dit deur die Bybel sal weerlê. Elke een van hierdie beloftes is in die Bybel, het betrekking op Jesus Christus wat die siekes genees in hierdie dag. As u een van hierdie beloftes kan neem en, deur die Bybel, dit met die Bybel kan weerspreek, sal ek gaan sit, jou hand skud, sê, 'jy's reg.'"

Hy het gesê, "Ek sal dit regsien wanneer ek daarbo kom!" Hy wou die laaste hê sodat hy op Broer Bosworth kon afsmeer, sien.

So Broer Bosworth het gesê, "Wel, Broer Best, ek sal jou een vra, en as jy my 'ja' of 'nee,' sal antwoord, gesê, "sal ons die debat net hier uitmaak."

En hy het gesê—hy het gesê, "Ek sal daarvoor sorg!"

Hy het die moderator gevra of hy hom kon vra. Gesê, "Ja."

Hy het gesê, "Broer Best, was die verlossingsname van Jehova van toepassing op Jesus? 'Ja' of 'nee'?"

Dit het dit geskik. Dit was al. Ek sê julle, ek het net iets gevoel net dwarsdeur my gaan. Ek het nooit daaraan gedink, myself nie, sien. En ek het gedink, "O, my, hy kan nie antwoord nie! Dit vat dit saam."

Hy het gesê, "Wel, Doktor Best, ek's—ek's onthuts." Hy het gesê, "Ek sal daarvoor sorg!"

Gesê, "Ek's onthuts dat jy nie my swakste vraag kan ontwoord nie." Hy was net so koel soos 'n komkommer, en hy het geweet waar hy staan. So toe het hy net daar gaan sit met daardie Skrif.

Gesê, "Neem jou dertig minute, ek sal daarna antwoord!"

En ou Broer Bosworth het daar gesit en daardie Skrif geneem en daardie man in so 'n manier vasgedraai totdat sy gesig so rooi was dat jy 'n vuurhoutjie daarop kon trek, amper.

Hy het opgestaan van daar, kwaad, en papiere oor die vloer gegooi, daar opgestaan en 'n goeie Campbellite preek gepreek. Ek was 'n Baptis, ek weet wat hulle glo. Hy het nooit . . . Hy het die opstanding gepreek, "'wanneer hierdie verganklike onverganklikheid aanneem,' dan sal ons Goddelike genesing hê." O, my! Waarvoor het ons Goddelike genesing nodig nadat ons onverganklik is ("wanneer hierdie verganklike onverganklikheid aanneem," die opstanding van die dode)? Hy het selfs die wonderwerk betweifel wat Jesus op Lazarus gedoen het, gesê, "Hy het weer gesterf, en daardie was net 'n tydelike ding," Sien?

En toe hy klaar was daardeur gegaan het soos daardie, het hy gesê, "Bring daardie Goddelike geneser voort en laat my hom sien optree!"

Hulle het toe 'n klein kibbellinkie gehad. Broer Bosworth het gesê, "Ek is verbaas oor jou, Broer Best, kon nie een vraag antwoord wat ek jou gevra het nie."

En toe het hy regtig paniekerig geword, hy het gesê, "Bring daardie Goddelike geneser vorentoe en laat ek hom sien optree!"

Gesê, "Broer Best, glo jy daarin dat mense gered word?" Hy het gesê, "Sekerlik!"

Hy het gesê, "Sou jy 'n Goddelike redder genoem wou word?"

Gesê, "Definitief nie!"

"Ook nie . . . Dit sal jou nie 'm Goddelike redder maak omdat jy verlossing van siel gepreek het nie."

Hy het gesê, "Wel, definitief nie!"

Gesê, "Ook maak dit nie Broer Branham 'n Goddelike geneser deur Goddelike genesing van die liggaam te preek nie. Hy's glad geen Goddelike geneser nie, hy wys net mense na Jesus Christus."

En hy het gesê, "Bring hom vorentoe, laat my horn sien optree! Laat my kyk na die mense wat hy vandag genees het en ek sal jou sê of ek Dit glo of nie."

Broer Bosworth het gesê, "Broer Best, dit klink soos nog 'n geval by Golgota, 'Kom af van die Kruis en ons sal Jou glo." Sien?

En so, o, man, hy het regtig kwaad geword. Hy het gesê, "Laat hom sien optree! Laat my hom sien optree!" Die moderators het hom maak gaan sit. Hy het soontoe oorgestap, en daar was 'n Pinkster prediker wat daar gestaan het, hy het hom net dwarsoor die platvorm geklap. En so het hulle hom toe gestop. (So Broer Bosworth het gesê, "Hier, hier! Nee, nee.") So die moderators het hom maak sit.

Raymond Richey het opgestaan, gesê, "Is hierdie die houding van die 'Southern Baptist' Konvensie?" Gesê, "Julle Baptiste predikante, het die 'Southern Baptist' Konvensie hierdie man hiernatoe gestuur of het hy uit sy eie gekom?" Hulle wou nie antwoord nie. Hy het gesê, "Ek het julle gevra!" Hy het hulle geken, elke een.

Hulle het gesê, "Hy het uit sy eie gekom." Want ek weet Baptiste glo in Goddelike genesing, ook. So toe sê hy, "Hy het op sy eie gekom."

So hier is wat toe gebeur het. Toe het Broer Bosworth gesê, "Ek weet Broer Branham is in die vergadering, as hy wil kom en die toeskouers wil verdaag, nou goed."

So Howard het gesê, "Sit jy stil!" Ek het gesê, "Ek sit stil."

En net toe het Iets omgekom, begin om rond te draai, en ek het geweet Dit was die Engel van die Here, gesê, "Staan op!"

Omtrent vyfhonderd mense het hulle hande saam gesit soos *hierdie,* het 'n paadjie gemaak, afgekom na die platvorm toe.

Ek het gesê, "Vriende, ek is geen Goddelike geneser nie. Ek is julle broer." Ek het gesê, "Broer Best, met geen . . . " Of, "Broer Best," het ek gesê, "met geen verontagsaming teenoor jou nie, my broer, geensins. Jy het 'n reg tot jou oortuigings, so het ek." Ek het gesê, "Natuurlik, jy het gesien jy kon dit nie bewys nie, jou punt, deur Broer Bosworth nie. Ook kon jy nie deur enigiemand wat welgelese in die Bybel is, wat daardie dinge weet nie." En ek het gesê, "En so ver as om mense te genees, ek kan hulle nie genees nie, Broer Best. Maar ek is elke aand hier, as jy die Here wil sien wonderwerke doen, kom oor hierheen. Hy doen dit elke aand."

En hy het gesê, "Ek sal jou graag iemand wil sien genees en my na hulle laat kyk! Jy mag hulle hipnotiseer met jou hipnose, maar" gesê, "Ek sal dit graag in 'n jaar van daar wil sien!"

Ek het gesê, "Wel, jy het 'n reg om hulle te kontroleer, Broer Best."

Hy het gesê, "Niks behalwe julle spul lamsakkige 'holy rollers' glo in sulke dinge soos daardie nie. Baptiste glo nie in sulke nonsens nie."

Broer Bosworth het gesê, "Net 'n oomblik." Gesê, "Hoeveel mense daar, in hierdie twee weke se dienste hier, wat in goeie gesindheid staan teenoor hierdie goeie Baptiste kerke hier in Houston, wat kan bewys dat julle genees is deur Almagtige God terwyl Broer Branham hier was?" En meer as driehonderd het opgestaan. Gesê, "Wat omtrent dit?"

Hy het gesê, "Hulle is nie Baptiste nie." Gesê, "Enigiemand wat enigiets kan getuig, dit maak dit nog nie reg nie!"

Gesê, "God's Woord sê dis reg, en jy kan dit nie weerlê nie. En die mense sê dis reg, en jy kan dit nie teenstaan nie. So wat gaan jy omtrent Dit doen?" Sien, soos daardie.

Ek het gesê, "Broer Best, ek vertel net wat Waarheid is. En as ek waarheidsgetrou is, is God verplig om by die Waarheid te staan." Ek het gesê, "As Hy nie is nie. . . As Hy nie by die Waarheid wil staan nie, dan is Hy nie God nie." En ek het gesê, "Ek genees nie mense nie. Ek was gebore met 'n—met'n gawe om dinge te sien, dit sien gebeur." Ek het gesê, "Ek weet ek word misvestaan, maar ek kan niks meer doen as om die oortuiging van my hart te vervul nie." Ek het gesê, "Ek glo dat Jesus Christus opgestaan het van die dode. En as die Gees wat kom en visioene en so voorts wys, as dit bevraagteken word, val in en vind uit." Ek het gesê, "Dis al." Maar ek het gesê, "Maar vir myself, ek kan niks uit my eie self doen nie." En ek het gesê, "As ek die Waarheid vertel, is God verplig teenoor my, om te getuig dat Dit die Waarheid is."

En omtrent daardie tyd, het Iets gegaan, "Whoooossssh!" Hier kom Hy, kom regaf. En die Amerikaanse Fotograaf Assosiasie, die "Douglas Studios" in Houston, Texas, wat die groot kamera daar opgehad het (hulle is verbied om fotos te neem), het die foto geneem.

Toe hulle daar was om fotos te neem van Mnr. Best, en hy—hy het gesê, voordat ek soontoe afgegaan het, het by gesê, "Wag 'n bietjie! Ek het ses glansfotos wat hier aankom!" Hy het gesê, "Hier, neem nou my foto!" En hy het sy vinger in daardie ou geestelike man se neus gesit soos daardie, gesê, "Neem nou my foto!" En hulle het. Toe maak hy sy vuis en sit dit ook op, gesê, "Neem nou my foto!" En hulle het dit geneem soos daardie. Toe maak hy soos hierdie, om te poseer vir sy foto. Hy het gesê, "Julle sal dit in my tydskrif sien!" soos daardie.

Broer Bosworth het daar gestaan, en nooit 'n woord gesê nie. Toe neem hulle net die foto van Hierdie.

Oppad huis toe daardie aand, (Katolieke seun het dit geneem), hy het aan hierdie ander seun gesê, hy het gesê, "Wat dink jy Daarvan?"

Hy het gesê, "Ek weet ek het hom gekritiseer. Daardie skildklier wat daardie vrou se keel verlaat het, ek het gesê hy het haar gehipnotiseer." Gesê, "Ek kon verkeerd gewees het daaromtrent."

Gesê, "Wat dink jy van daardie foto?" "Ek weet nie."

Hulle het dit in die suur gesit. Hier's die foto, julle kan hom vra as julle wil. Hulle het huis toe gegaan, by het daar gesit en 'n sigaret gerook. Ingegaan en een van Broer Bosworth uitgehaal, dit was negatief. Het twee, drie, vier, vyf, ses uitgehaal, en elke een van hulle was leeg. God sou nie toelaat dat die foto van Sy geestelike ou man wat daar staan met daardie huigelaar, met sy neus, of hand, vuis skud onder sy neus soos daardie nie. Hy sou dit nie toelaat nie.

Hulle het die volgende een uitgetrek, en hier was Dit. Die man het 'n hartaanval gehad, sê hulle, daardie aand.

En hulle het hierdie negatief na Washington D.C. gestuur. Dit was gekopiereg, teruggestuur.

En George J. Lacy, die hoof van die F.B.I. vingerafdruk dokumente, en so aan, een van die grootste wat daar is in die hele wêreld, was daar gebring en twee dae daarop gehou om kamera ligte te toets, allerhande dinge. En toe ons daardie middag kom, het hy gesê, "Eerwaarde Branham, ek was ook 'n kritici van u." Hy het gesê, "En ek het gesê dit was sielkunde, iemand het gesê hulle het daardie Ligte en dinge soos daardie gesien." En gesê, "U weet, die ou skynheilige het gewoonlik so gesê" (hy het bedoel die ongelowige) "'daardie fotos rondom, daardie kring rondom Christus, om die geestelikes,' het hy gesê, 'dit was net sielkunde,'" Maar gesê, "Eerwaarde Branham, die meganiese oog van hierdie kamera kan nie sielkunde neem nie! Die Lig het die lens getref, of het die negatief getref, en daar was Dit." En hy het gesê . . .

Ek het dit aan hulle voorgelê. Hy het gesê, "O, meneer, weet jy wat dit werd is?"

En ek het gesê, "Nie vir my nie, broer, nie vir my nie." En toe het hy gesê . . .

Natuurlik, dit sal nooit in effek kom terwyl jy lewe nie, maar eendag, as beskawing aangaan en Christendom bly staan, sal daar iets gebeur omtrent hierdie.

So, vriende, vanaand, as hierdie ons laaste diens op hierdie aarde is, het jy en ek gesit in die Teenwoordigheid van Almagtige God. My getuienis is waar. Baie, baie dinge, dit sal baie volumes van boeke neem om dit te skryf, maar ek wil hê dat julle weet.

Hoeveel hierin wat werklik (sonder die foto) die Lig Self hier rond gesien staan het waar ek gepreek het? Lig op julle hande, oral oor die gebou, enigeen wat Dit ooit gesien het. Sien, omtrent agt of tien hande wat hier sit.

Julle sê, "Kon—kon hulle Dit sien en ek Dit nie sien nie?" Ja, meneer.

Daardie—daardie Ster wat die wyse manne gevolg het het oor elke observatorium gegaan en niemand het Dit gesien behalwe hulle nie. Hulle was die enigste een wat Dit gesien het.

Elia het gestaan en kyk na al daardie strydwaens van vuur, en alle ander dinge. En Gehási het rondgekyk, hy kon hulle nêrens sien nie. God het gesê, "Maak sy oë oop sodat hy kan sien." En toe het hy hulle gesien, sien. Maar hy was 'n goeie seun, daar gestaan en rondgekyk, maar hy kon hulle nie sien nie. Sekerlik. Dis gegee vir sommige om te sien, en sommige om nie. En dis waar.

Maar julle nou wat Dit nooit gesien het nie, Dit nooit gesien het nie, en julle wat Dit wel gesien het met julle natuurlike oog en het nooit die foto gesien nie, tog het die sulkes wat die foto

gesien het 'n groter bewys as julle wat Dit met julle natuurlike oog gesien het. Want julle, met julle natuurlike oog, kon 'n fout begaan het, dit kon 'n optiese illusie gewees het. Is dit reg? Maar Dis nie 'n optiese illusie nie, Dis die Waarheid, waar die wetenskaplike navorsing bewys dat Dit die Waarheid is. So die Here Jesus het dit gedoen.

"Wat dink u is Dit dan," sê julle, "Broer Branham?"

Ek glo dat Dit dieselfde Pilaar van Vuur is wat die kinders van Israel vanaf Egipte na Palistina gelei het. Ek glo Dis dieselfde Engel van Lig wat in die—in die tronk ingekom het en gekom het na Petrus en hom aangeraak het, en vorentoe gegaan en die deur oopgemaak en hom uitgesit het in die lig. En ek glo, dat Dit Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Amen! Hy's dieselfde Jesus vandag as wat Hy gister was. Hy sal vir altyd dieselfde Jesus wees.

En terwyl ek Daarvan praat, daardie selfde Lig wat op daardie foto is is op . . . staan nie twee voet van waar ek reg nou staan nie. Dis reg. Ek kan Dit nie met my—my oë sien nie, maar ek weet Dit staan hier. Ek weet Dit sak binne-in my reg nou. O! As julle net die verskil kan weet wanneer die krag van Almagtige God vasvang, en hoe dinge anders lyk!

Dis 'n uitdaging aan enigeen. Ek was nie van plan om vir enige siek mense te bid nie, ek sou 'n belofte maak. Maar die visioen hang oor die mense. Uh-huh. God weet dit. Ek gaan geen gebedslyn roep nie, ek gaan julle net daar laat sit. Hoeveel van julle mense het nie 'n gebedskaart nie? Laat ons julle hande sien. Iemand wat nie 'n gebedskaart het nie, nie 'n gebedskaart het nie?

Nie-blanke dame wat daar sit, ek sien jy het jou hande opgehad. Is dit so? Staan net op sodat ek jou net kan uitken vir net 'n oomblik. Ek weet nie wat die Heilge Gees wil sê nie, maar jy kyk baie eerlik na my. Het jy nie 'n gebedskaart nie? As Almagtige God aan my sou openbaar wat jou probleem is . . . Ek doen net hierdie vir 'n begin, net om aan die gang te kom. Glo jy my om te wees . . . Jy weet daar's niks . . . daar's nie een goeie ding omtrent my nie. As jy 'n getroude vrou is, ek is niks meer as jou man nie. Ek is net 'n man. Maar Jesus Christus is die Seun van God, en Hy het Sy Gees gestuur om hierdie dinge te vindikeer.

As God my sal vertel wat's verkeerd met jou (en jy weet daar's geen manier vir my om enigsins met jou kontak te hê nie), sal jy glo met jou hele hart? [Die suster praat—Red.] God seën jou. Dan het jou hoë bloeddruk jou verlaat. Dis wat jy gehad het. Was die nie so nie? Sit dan maar.

Glo jy net daardie een keer! Ek daag enigiemand uit om Dit te glo.

Kyk hier, laat ek julle iets vertel. Martha, wat na die Here Jesus toe gekom het. Daardie gawe sou nooit gewerk het nie . . .

tog het die Vader Hom alreeds getoon wat Hy sou doen. Dit sou nooit gewerk het nie. Maar sy het gesê, "Here, ek . . . As U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie." Gesê, "Maar ek weet dat selfs nou wat U ookal vir God vra, dat God dit vir U sal gee."

Hy het gesê, "Ek is die Opstanding en die Lewe, hy wat in My glo al sou hy sterwe, tog sal hy lewe. En wie ookal lewe en in My glo sal nooit sterwe nie. Glo u dit?"

Luister na wat sy gesê het. Sy het gesê, "Ja, Here. Ek het geglo dat alles wat U gesê het is die Waarheid. Ek glo U is die Seun van God wat in die wêreld sou kom." Dis haar benadering, nederig.

U voel anders, nie so nie, dame? Ja. Dis reg.

Die klein dame wat reg hier sit, daar langs jou, ook, ly aan rumatiek en 'n vroulike probleem. Is dit nie so nie, dame? Staan net 'n oomblik op, die klein dame met die rooi rok aan. Jy was so naby, die visioen het na jou toe gekom. Rumatiek, vroulike probleem. Is dit so? En hier is iets in jou lewe (jy het 'n—'n goeie reguit kyk aan jou): jy het baie bekommernis in jou lewe, 'n hoop probleme. En daardie probleem is omtrent jou geliefde, dis jou man. Hy's 'n dronkaard. Hy wil nie kerk toe gaan nie. As dit so is, lig op jou hand. God seën jou, dame. Gaan huis toe en ontvang jou seëning. Jy's genees, lig draai rondom jou.

Man wat reg langsaan sit, ook, daar in. Jy, meneer, glo jy met jou hele hart? Jy het een van jou sintuie verloor, en dis die sintuig van ruik. Is dit nie so nie? As dit is, waai jou hand. Steek jou hand op na jou mond sons hierdie, sê, "Here Jesus, ek glo U met my hele hart." [Die broer sê, "Here Jesus, ek glo U met my hele hart."—Red.] God seën jou. Gaan nou, en jy sal jou genesing ontvang.

Geloof in God! Wat dink julle almal van Dit, daaragter? Glo julle? Wees eerbiedig!

Daar's 'n dame wat reg daar agter daar in 'n hoekie sit. Ek sien daardie Lig wat oor haar hang. Dis die enigste manier wat ek iets daarvan kan vertel, daardie Lig wat hang. *Hierdie* Lig reg hier hang oor die dame. Mag net 'n minuut wees, as ek kan sien wat dit is. Sê breek . . . Die dame ly aan 'n—aan 'n hart probleem. Sy kyk reg na my.

En haar man sit langs haar. En haar man het 'n sekere siekte, hy was nou net siek gewees, ongesteld, siek. Is dit nie so nie, meneer? Steek jou hande op as dit waar is. Dis reg, dis jy, dame, met die klein serpie daar. Die man, is dit so? Was jy nie soort van ongesteld vandag nie? Jy was ongesteld in jou maag, die man. Dis reg.

Glo julle almal met julle hele hart, albei van julle? Aanvaar julle dit? Meneer, ek sê jou, jou ook, ek sien (jy met jou hand op) die gewoonte van rook. Hou op om dit te doen. Jy rook sigare, jy

behoort dit nie te doen nie, maak jou siek. Is dit nie so nie? as dit is, waai jou hand soos hierdie. Dis wat jou ontstel. Dis sleg op jou senuwees. Gooi daardie . . . slegte ding weg en moet dit nie meer doen nie, en jy sal daaroor kom en reg wees, en jou vrou se hart probleem sal haar verlaat. Glo jy dit? Is dit nie so nie? Ek kan jou nie van hier af sien nie, en jy weet dit, maar jy dra sigare op die . . . in—in jou sak in die voorkant. Dis reg. Lê die dinge uit en sit jou hand oor om jou vrou, vertel vir God dat jy klaar is met daardie soort van goed, jy sal gesond huis toe gaan, jy en jou vrou sal gesond word. Geseënd is die Naam van die Here Jesus!

Glo jy dit met jou hele hart?

Hierdie klein vroutjie wat hier sit en hier na my kyk. Jy op die . . . daar op die voorste sitplek hier, wat reg hier sit. 'n Klein dame met 'n . . . wat na my kyk, wat reg hier sit. Jy het nie . . . Het jy 'n gebedskaart, dame, reg hier? Jy het geen gebedskaart nie? Glo jy met jou hele hart? Glo jy dat Jesus Christus jou kan gesond maak?

Wat dink jy Daarvan, jy wat langs haar sit? Het jy 'n gebedskaart, dame? Jy het nie? Wil jy gesond word, ook? Sal jy nie 'daarvan hou om weer te gaan eet soos jy altyd het nie, die maag probleem weg te hê nie? Glo jy dat Jesus jou nou genees? Staan op as jy glo Jesus Christus het jou genees. Jy het 'n maag vol maagsere gehad, het jy nie? Dis veroorsaak deur 'n senuwee kondisie. Jy was senuweeagtig vir 'n lang tyd. Veral sure en dinge, of ek bedoel veroorsaak suur, en maak gevoelige tande wanneer jy jou kos weer opbring in jou mond. Dis waarheid. Ja, meneer. Dis 'n maagseer. Dit het in die bodem van jou maag gelê. Dit brand vir 'n tyd na jy veral roosterbrood met botter daarop geëet het. Is dit so? Ek lees nie jou gedagtes nie, maar die Heilige Gees is onfeilbaar. Jy's nou genees. Gaan huis toe, wees gesond.

Wat van jou terug daar in hierdie rigting? Sommige van julle daar sonder 'n gebedskaart, lig op julle hand. Iemand sonder 'n gebedskaart. Nou goed, wees eerbiedig, glo met julle hele hart. Wat omtrent bo in die balkon? Julle moet geloof in God hê.

Ek kan hierdie nie in myself doen nie, dis alleenlik Sy Soewereine genade. Glo julle? Ek kan alleenlik sê soos Hy my wys. As julle geloof . . . Ek sê dit om julle geloof te skud, en dan te sien watter rigting Hy my sal lei. Het julle besef hierdie—hierdie is nie julle broer nie? Julle staan in Sy Teenwoordigheid. Dis nie ek wat dit doen nie, dis julle geloof wat Dit bewerk. Ek kan Dit nie bewerk nie. Dis julle geloof wat dit doen. Ek het geen manier om Dit te bewerk nie. Net 'n minuut.

In hierdie hoek sien ek 'n nie-blanke man wat daar sit, soort van ouerig, met brille op. Het jy 'n gebedskaart, meneer? Staan op jou voete vir 'n minuut. Glo jy dat ek God se dieskneg is, met jou hele hart? Jy dink aan iemand anders, is dit nie? As dit so is, waai jou hand. Nie omdat dit ek is, jou broer nie. Nou, jy het

nie 'n gebedskaart nie. Daar sal nie geen manier wees vir jou om ooit in lyn te kom nie, want jy het nie 'n gebedskaart nie. Nou, as enigiemand van julle gebedskaarte het, moenie—moenie—moenie opstaan nie, sien, want julle sal 'n kans kry om in die lyn te kom.

Maar ek sien daardie Lig net bokant hom hang. Dit het nog nie tot 'n visioen gebreek nie. Ek kan jou nie genees nie, broer, ek kan nie. Alleenlik God kan dit doen. Maar jy—jy—jy het geloof, jy glo, en daar's iets—iets wat—wat dit op 'n manier veroorsaak.

As Almagtige God vir hierdie man sal vertel wat sy probleem is, sal die res van julle julle genesing ontvang? Daar's 'n man, staan volmaak tien, vyftien jaarts van my af, ek het hom nog nooit in my lewe gesien nie. Hy's net 'n man wat daar staan. As Almagtige God sal openbaar wat verkeerd is met daardie man, behoort elke een van julle hier uit te loop 'n gesonde persoon. Wat meer kan God doen? Is dit so?

Meneer, dis niks verkeerd met jou nie. Jy's swak, moet 'n klein bietjie opstaan snags, prostate en so aan, maar dis nie wat jou probleem is nie. Jou probleem is omtrent jou seun. En jou seun is in een of ander staatsinstansie, en hy het 'n gesplete persoonlikheid. Is dit nie so nie? Waai jou hand as dit reg is. Dis presies reg.

Hoeveel glo nou dat Jesus Christus die Seun van God hier staan? Laat ons staan en eer betoon en ons genesing ontvang.

Almagtige God, Skepper van Lewe, Gewer van elke goeie gawe, U is hier, dieselfde Here Jesus Christus, dieselfde gister, vandag en vir altyd.

En, Satan, jy het hierdie mense lank genoeg om die bos gelei, kom uit hulle uit! Ek besweer jou deur die lewendige God Wie se Teenwoordigeheid nou hier is in die vorm van die Pilaar van Vuur, verlaat hierdie mense! En kom uit hulle uit, in die Naam van Jesus Christus!

Elkeen van julle steek julle hande op en prys God, en ontvang julle genesing, elkeen. [Gemeente prys God—Red.]

Hoe Die Engel Na My Gekom Het En Sy Opdrag AFR55-0117
(How The Angel Came To Me, And His Commission)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Maandag, 17 Januarie, 1955, by die Lane Tegniese Hoërskool in Chicago, Illinois, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©1991 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org